

# 'n Kritiek op 'n normatiewe vergelyking van die 2003- en 2011-weergawes van die South African Languages Bill aan die hand van sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing

Theodorus du Plessis

Theodorus du Plessis: Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat

## Opsomming

Die hersiene weergawe van die South African Languages Bill wat sedert Julie 2011 in omloop en gedurende Oktober 2011 vir openbare kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer is, het heelwat negatiewe reaksies ontlok, reeds voor die openbare verhoor daaroor wat die Parlementêre Portefeuljekomitee vir Kuns en Kultuur gedurende Januarie 2012 gehou het. Kritici bevind onder meer dat dit 'n afgewaterde weergawe van sy voorganger is, dat dit nie voldoen aan die Grondwet se vereistes nie en dat dit eintlik nie daarin gaan slaag om Engelse eentaligheid hok te slaan nie. Hierdie afleidings spruit voort uit 'n vergelyking wat met die 2003-weergawe gemaak word en wat laasgenoemde as 'n beter wetsontwerp voorhou. Maar is die 2003-weergawe werklik 'n beter wetsontwerp en sy 2011-opvolger by implikasie dan 'n slegter ontwerp? Die kernvraag wat dus in hierdie artikel aan die orde kom, is hoe om taalwette te kan vergelyk sonder om noodwendig normatief te werk te gaan. Op sterkte van die sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing word 'n meetinstrument ontwikkel om sodanige vergelyking te kan maak. Hierdie instrument word dan getoets aan die hand van vier modeltaalwette. 'n Meting van die 2003-wetsontwerp lê dan 'n aantal inherente leemtes in die ontwerp self bloot wat ernstige vrae oor sy normatiewe waarde aan die orde stel. Die 2011-taalwetsontwerp word aan dieselfde meting onderwerp. Dit stel die ontleder in staat om 'n rasonale vergelyking tussen die twee weergawes te maak sonder om normatief te werk te gaan. Die vergelyking bring onder meer aan die lig dat die 2011-wetsontwerp in wese 'n volledig ander tipe wetsmaatreël veronderstel. Daar word bevind dat dit in werklikheid nie as nasionale taalwet getakseer behoort te word nie, maar eerder as 'n soort administratiewe taalwettipe en selfs as 'n taalskema. Hierdie bevinding hou implikasies in vir die verdere gesprek oor die South African Languages Bill wat ontleders kan help om die regte vrae te stel en gepaste voorstelle te kan maak.

**Trefwoorde:** taalwet; taalwetgewing; taalskema; taalbeleid; taalbeplanning; taalbestuur

## Abstract

**A critique on a normative comparison of the 2003 and 2011 versions of the South African Languages Bill using sociolinguistic principles of language legislation**

The revised version of the South African Languages Bill (SALB II), which has been in circulation since July 2011 and which was gazetted in October 2011 for comments by the public, has thus far elicited mainly negative responses, even since before the hearing of the Portfolio Committee: Arts and Culture on the bill during January 2011. Critics of the Bill have concluded, *inter alia*, that it is merely a watered-down version of its predecessor; that it does not fulfil the requirements of the Constitution; and that it is not likely to succeed in actually reducing English monolingualism. These conjectures have arisen from comparisons between the new bill and its 2003 version (SALB I), on the basis of which the latter is being touted by critics as the better bill. But is the 2003 version really the better of the two – and is its 2011 successor, by implication, really inferior by comparison? The core question forming the focus of this article, therefore, is that of how language laws can be compared without necessarily adopting a normative approach in order to achieve this. A measuring instrument based on the typology of sociolinguistic principles of language legislation (Du Plessis 2010) is proposed to make such a comparison possible.

This focus of the article is specifically on (national) language laws. A language law is defined as a specific form of language legislation that is entirely devoted to rules about the status and use of designated languages within a polity, usually in an official capacity. This article departs from the distinction made in the literature on language legislation between institutionalising and normalising language legislation, the first being legislation that is directed at ensuring the presence of designated languages in core domains of language use (legislation, administration, judiciary and education) and the second being legislation directed at optimising the extension of use of designated languages in these and other domains of language use (Williams 2008). Language legislation in the first category can institutionalise official bilingualism or multilingualism, such as in the case of India's The Official Languages Act and Canada's Official Languages Act, or official monolingualism, such as in the case of Ukraine's On Languages in the Ukrainian Soviet Socialist Republic and Estonia's Language Act. Language legislation in the second category can normalise a designated language within a multilingual dispensation and is actually intended to advance the use of such a language, usually a national minority language or a disadvantaged national language. Quebec's *Charte de la langue française* and the Welsh Language Act in Wales are typical examples of such legislation. Whereas the aforementioned act can be classified as more promotional in character, we can see the latter as more corrective in nature.

The principal differences between these two broad categories of language legislation become clear when we analyse their content in terms of the typology of sociolinguistic principles of language legislation where a distinction is made between structural and contextual principles. The structural principles are useful in analysing the structure and content of language laws. They are: foundational principles (principles relating to the proclamation of official languages, the treatment of the linking language issue and the object of the law), domain-determining principles (principles related to communication with the public, language of education and linguistic aspects of citizenship) and legal instrumental principles (principles related to the diversity, authoritativeness and demarcation of such instruments).

Different language laws can now be analysed in terms of the degree to which these different principles are present, which provides a basis for a reasoned comparison. In order to aid such a comparison, the realisation of the different principles can be given number values on a sliding scale from 0 (completely absent) to 3 (limited or inadequate presence) and 5 (significant presence). Presence of principles is measured in these instances in terms of a clear formulation of the different provisions of the said act that can be directly related to the

principle in question. Although the measuring is subjective, it does reveal results that provide deeper insight into the structuring of different language acts.

This instrument is then tested comparing four prototypical language acts: the Official Languages Act of Canada (OLA in Table 1 below) and Estonia's Language Act, or Keeleseadus (Ks) as typical prototypes of institutionalising language legislation (establishing multilingual and monolingual language regimes respectively) on the one hand and Quebec's Charte de la langue française (Clf) and Wales' Welsh Language Act (WLA) as prototypical normalising language acts (of the promotional and corrective normalising type respectively).

The end result of this comparative analysis is shown in Table 1.

**Table 1. The extent of the presence of sociolinguistic principles of language legislation in four prototypical language acts**

Principles		Institutionalising language legislation		Normalising language legislation	
		Multilingual	Monolingual	Promotional	Corrective
		OLA	Ks	Clf	WLA
Fundamental	Proclamation of official language	5	5	5	0
	Treatment of linking language issue	5	0	0	0
	Object of language act	5	5	3	5
Domain-determining	Communications with citizenry	5	5	5	5
	Language of education	3	5	5	0
	Linguistic aspects of citizenship	0	5	0	0
Legal instrumental	Variety	5	3	5	5
	Authoritativeness	5	3	5	5
	Demarcation of language rights	5	5	5	0
<b>Total</b>		<b>38</b>	<b>36</b>	<b>33</b>	<b>20</b>

The comparison in Table 1 not only accentuates the principal differences between the two broad categories of language legislation, but also highlights some important shared features,

such as communication with the public, the demarcation of language rights, etc. It shows that one should be careful in comparing language acts that might not be of the same category and type, which stresses the importance of a structural analysis and the weakness of normative approaches where the one act serves as a norm for the other without taking cognisance of their inherent differences.

A similar analytical comparison is then made between SALB I and SALB II. This enables the analyst to conduct a relatively rational comparison between the two versions without following a normative approach (Table 2 below).

**Table 2. A comparison between SALB I and SALB II using the scheme for measuring the presence of sociolinguistic principles of language legislation in different language acts**

Principles		SALB I	SALB II
<b>Fundamental</b>	<b>Proclamation of official language</b>	3	0
	<b>Treatment of linking language issue</b>	3	0
	<b>Object of language act</b>	5	3
<b>Domain - determining</b>	<b>Communications with citizenry</b>	3	3
	<b>Language of education</b>	0	0
	<b>Linguistic aspects of citizenship</b>	0	0
<b>Legal instrumental</b>	<b>Variety</b>	5	5
	<b>Authoritativeness</b>	5	5
	<b>Demarcation of language rights</b>	3	0
<b>Total</b>		<b>27</b>	<b>16</b>

The comparison reveals, among other things, that the version of SALB II published in October 2011 proposes, in essence, a completely different type of statutory measure from that of SALB I, published in 2003, signifying an important shift in thinking within government circles regarding a language law. The core finding is that, in actual fact, it should not be appraised as a potential national language act of the institutionalising type, but rather as a kind of administrative language measure – and even as a language scheme, in other words as a corrective normalising language act similar to what the Welsh have. It implies that the tendency among especially Afrikaans activists and scholars to treat SALB I as normative in their analysis of SALB II might run the risk of comparing the proverbial apples with pears, which might draw our focus away from the actual inherent deficiencies of the October 2011

version of SALB II, deficiencies which have not been addressed in the later versions of SALB II that have been published subsequent to the public hearing of January 2012. SALB II fares rather poorly in comparison with other corrective normalising language laws such as the Welsh Language Act. It is therefore concluded that a normative analysis rather be abandoned and that attention be devoted to the glaring weaknesses of SALB II as a corrective normalising language law, inter alia: (a) the overall tendency towards vague and idealistic provisions which might be impossible to implement; (b) an exaggerated emphasis of the role of the line-function department (Arts and Culture); (c) overlap with the role and work of the Pan-South African Language Board; (d) the absence of a clear objective with the official languages; and (e) shortcomings in provisions regarding communication with the citizenry.

The findings of this study therefore have implications for the further discussion of the South African Languages Bill which could help analysts ask the right questions and make appropriate suggestions. It also has demonstrated the usefulness of the proposed measuring scheme for making a relatively rational structural comparison of different language laws on the basis of the presence of core sociolinguistic principles of language legislation.

**Key words:** language legislation; language acts; a (national) language law

## 1. Inleiding

Reaksies op die 2011-taalwetsontwerp vir Suid-Afrika is sedert die kabinet se goedkeuring daarvan op 22 Junie 2011 (GCIS 2011) redelik wyd in omloop, nieëntoende die feit dat 'n amptelike teks eers op 12 Oktober 2011 vir kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer is (RSA 2011b). Kommentaar tot en met die openbare verhoor van die Parlementêre Portefeuljekomitee vir Kuns en Kultuur gedurende Januarie 2012 was gebaseer op 'n nie-amptelike teks wat vanaf 13 Julie 2011 op die internet beskikbaar gestel is (RSA 2011a).<sup>1</sup> Die Departement Kuns en Kultuur (hierna ook soms “die Departement”), die lynfunksiedepartement vir taal in Suid-Afrika en opsteller van die wetsontwerp, het self tot onlangs nie 'n teks beskikbaar gestel nie.<sup>2</sup> 'n Woordvoerder het wel die outentisiteit van die nie-amptelike internet-teks bevestig (Sukumane 2011). Die gepubliseerde weergawe bevat een bykomende klousule wat as 'n nuwe Artikel 10 (“Compliance by various national departments, national public enterprises and national public entities”) ingevoer is, asook 'n volledige memorandum. Origens is die inhoud grootliks dieselfde.

Die 2011-taalwetsontwerp (voortaan soms ook “SALB II”) skyn, wat die regering betref, uitvoering te gee aan 'n hofbevel van 14 Maart 2010 in die sogenaamde *Lourens*-saak. In die gemelde kabinetsnotule word inderdaad (maar opvallend saaklik) vermeld dat die 2011-wetsontwerp (in die notule afwisselend getiteld *The South African Language Bill, 2011 / South African Official Languages Bill, 2011*) “will respond directly to the obligation imposed by section 6 of the Constitution. The Bill only provides for the regulation and monitoring of the use of official languages by national government” (GCIS 2011). Die hofbevel gelas inderdaad die nasionale regering om, soos regter R. du Plessis beveel het, “die gemelde verpligting [om deur wetgewende en ander maatreëls die nasionale regering se gebruik van amptelike tale te reël en te monitor] binne twee jaar vanaf datum van hierdie bevel na te kom

of toe te sien dat dit nagekom word” (*Cornelus Johannes Alexander Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 2010f*).

Die reaksies op die 2011-taalwetsontwerp kom meestal vanuit Afrikaanssprekende geleedere en is oorwegend nie te optimisties nie. Opsommenderwys is die hoofpunte van kritiek dat die 2011 wetsontwerp

1. ’n afgewaterde weergawe is van die 2003 wetsontwerp (Herman 2011; Du Preez 2011; Van der Elst 2011; Van der Rheede 2011)
2. grootliks nie uitvoering gee aan regter Du Plessis se hofbevel nie (De Bruin 2011; Du Preez 2011; Herman 2011)
3. nie voldoen aan die Grondwet se vereistes oor die staat se verpligting met betrekking tot die amptelike tale van die land nie (De Bruin 2011; Herman 2011; Du Preez 2011; Van der Rheede 2011)
4. nie wetsmaatreëls voorsien wat (Engelse) eentaligheid kan hokslaan en meertaligheid kan bevorder nie (Herman 2011; Lloyd 2011a; Van der Elst 2011)
5. nie versoening en sosiale geregtigheid bevorder nie (Van der Rheede 2011; Webb 2011).

By die bekendmaking van die 2011-taalwetsontwerp tydens sy begrotingsrede van 1 Junie 2011 skets die Adjunkminister van Kuns en Kultuur egter ’n meer optimistiese prentjie. Hy voorsien dat “[t]hrough this Bill we are pursuing the entrenchment of language equity and language rights so that both national unity and democracy are promoted” (Phaahla 2006). Volgens die Afrikaanse reaksies hier bo is dit egter juis wat die wetsontwerp nié doen nie. Nietemin het die betrokke minister en die kritici ironies genoeg dieselfde verwagtinge (uiteraard vanuit verskillende gesigspunte) omtrent wat met ’n taalwet bereik behoort te word. Dit lyk egter op die oog af na verwagtinge wat verder gaan as wat in werklikheid deur die hofbevel voorsien word. Regter Du Plessis wys in sy uitspraak daarop dat daar nie gronde bestaan vir so ’n eensydige vertolking van die verpligting wat Artikel 6(4) die nasionale regering oplê nie:

Alhoewel wetgewende maatreëls dus een van die metodes is wat die regering moet aanwend om sy gebruik van amptelike tale te reël en te monitor, is die aanneem van ’n nasionale taalwet nie ’n grondwetlike vereiste nie. (*Cornelus Johannes Alexander Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 2010f:5*)

Daarom kan die hof nie die nasionale regering verplig om so ’n sentrale wet te aanvaar nie. Die regter se volledige bevel lui:

1. Dit word verklaar dat die nasionale regering in versuim is om ingevolge artikel 6(4) van die **Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996** [oorspronklike beklemtoning] deur wetgewende en ander maatreëls die nasionale regering se gebruik van amptelike tale te reël en te monitor.
2. Die nasionale Minister van Kuns en Kultuur, Wetenskap en Tegnologie in haar hoedanigheid as die verantwoordelike lid van die uitvoerende gesag word gelas om die gemelde verpligting binne twee jaar vanaf datum van hierdie bevel na te kom of toe te sien dat dit nagekom word.

3. Die derde respondent word gelas om die applikant se koste, insluitende die koste van twee advokate, te betaal. (Cornelus Johannes Alexander Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 2010f:14–5)

Die betrokke verpligting moet ingevolge die tweede bevel hier bo dus teen 15 Maart 2012 nagekom word. Dit impliseer dat die taalwetsontwerp ten minste gedurende 2011 vir bespreking by die parlement ingedien behoort te word, soos wat die betrokke minister wel hier bo voorsien en soos wat intussen gebeur het. Die South African Languages Bill [B23-2011] is na berig word inderdaad op Vrydag 4 November 2011 in die parlement ter tafel gelê (Oktober 2011) en op 15 November 2011 aan die Portefeuljekomitee: Kuns en Kultuur bekendgestel (PC Arts 2011).

Die leser wat die debat oor SALB II hierna op die voet gevolg het, sal weet dat die Parlementêre Portefeuljekomitee: Kuns en Kultuur ondertussen op 16 en 17 Januarie 2012 'n openbare verhoor oor die wetsontwerp gehou het (PC Arts 2012a; 2012b). Dit het heelwat aandag in die media geniet. By hierdie verhoor het 'n hele aantal organisasies voorleggings gemaak waarop intense oorlegpleging in die komitee op 24 Januarie, 31 Januarie, 14 Februarie, 28 Februarie en 6 Maart 2012 gevolg het (PC Arts 2012c; 2012d; 2012e; 2012f; 2012g). Die uitkoms van hierdie beraadslaging is verskillende hersiene weergawes van SALB II tot en met die weergawe wat op 6 Maart 2012 voor die Portefeuljekomitee gedien het (RSA 2012b) en wat nou 'n gewysigde titel het: Use of Official Languages Bill, 2011 (DAC 2012). 'n Werksdokument met hierdie titel is by die komitee se vergadering van 6 Maart 2012 behandel (RSA 2012b). Die werksdokument bevat steeds die kontroversiële wysiging van Artikel 4 van SALB II in die weergawe wat na afloop van die beraadslaging van 14 Februarie 2012 gefinaliseer is (RSA 2012a). Die wysiging lees in die 6 Maart 2012-weergawe van die wetsontwerp soos volg:

4. (2) A language policy adopted in terms of subsection (1) must—
  - (a) comply with the provisions of section 6(3) of the Constitution and this Act;
  - (b) identify **at least three official languages** that the national department, national public entity or national public enterprise will use for the purposes of government; provided that **at least two of the official languages identified must be indigenous languages of historically diminished use and status** ... [eie beklemtoning]. (RSA 2012b)

Soos uit die nuwe titel hier bo afgelei kan word, word die wetsontwerp steeds gedateer as 2011 en bly dit daarom regstegnies 'n wysiging van SALB II. Dit beteken daar bestaan benewens die weergawe wat oorspronklik gedurende Oktober 2011 in die *Staatskoerant* vir kommentaar gepubliseer is (RSA 2011b) ook die gewysigde een van 14 Februarie 2012 (RSA 2012a) en die verder gewysigde een (met inbegrip van 'n titelwysiging) van 6 Maart 2012 (RSA 2012b). Omdat laasgenoemde twee weergawes nie indringende strukturele wysiginge bevat nie, sal dit voortydig wees om ten tye van die finalisering van hierdie artikel in Maart 2012 al van 'n SALB III te praat. Waar werklik nodig, sal eerder tussen die twee verdere weergawes van SALB II onderskei word as SALB II.1 (14 Februarie 2012-weergawe) en SALB II.2 (6 Maart 2012-weergawe).

Veral Afrikaanse organisasies het vanuit die staanspoor negatief op SALB II gereageer en later besonder skerp op die eerste wysiging (SALB II.1) – te veel om hier te dokumenteer en ook nie vir die onmiddellike tersaaklik nie. Die Afrikanerbond se strategiese gesprek oor SALB II.1 wat op 22 Februarie 2012 plaasgevind het (Carstens 2012), gee ’n goeie aanduiding van wat in die gemoedere van sommige Afrikaanssprekendes leef; deels ook LitNet se webseminaar “’n Nasionale taalwet vir Suid-Afrika: Noodsaaklik vir die behoud van inheemse tale of onrealisties?” wat op 23 Februarie 2012 afgeskop het (LitNet 2012). SABC 3 het ook op 26 Februarie 2012 ’n debat op die program *Interface* uitgesaai (SATI Office 2012). Al hierdie bydraes is belangrik indien die verdere verloop van die aanvanklike 2011-taalwetsontwerp gevolg wil word.

Die vraag wat veral na aanleiding van die aanvanklike reaksie ontstaan, en wat in hierdie artikel relevant is, is hoe om nou SALB II te beoordeel. Dit wil voorkom asof die Afrikaanse ontleders vergelykend te werk gaan deur SALB II aan sy 2003-voorganger (DAC 2003 – voortaan SALB I) te meet. So ’n vergelyking kan sekerlik bepaalde insigte oplewer wat van waarde mag wees. Terselfdertyd kan dit egter ook gebrekkig wees indien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat SALB I ’n “beter” taalwettepe en daarom normgewend is. Dis ’n vergelyking wat van die veronderstelling uitgaan dat SALB I grootliks voldoen aan wat van ’n nasionale taalwet verwag kan word, ’n siening wat weer op ’n baie spesifieke vertolking van Artikel 6(4) van die Grondwet berus, naamlik dat die nasionale regering deur wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale moet reël en monitor (RSA 1996a). Ondertussen is die implikasie dat indien SALB II nie ook hieraan voldoen nie, dit dan logieserwys ’n “swakker” taalwettepe in die vooruitsig stel. Die reaksies van Afrikaanssprekendes neig juis in hierdie rigting.

Reaksies op die twee verdere weergawes van die taalwetsontwerp (SALB II.1 en SALB II.2) gaan meer spesifiek in op die gewraakte taalbepaling van Artikel 4(2), eerder as op strukturele aspekte, en verskil daarom wesenlik van die vergelykende benadering van aanvanklike reaksies op SALB II. Omdat die soeklig in hierdie artikel juis val op die geldigheid van ’n vergelyking tussen SALB I en SALB II en die verdere twee weergawes van die wetsontwerp, buiten enkele wysigings, waaronder dié van Artikel 4(2), nie ingrypend van laasgenoemde verskil nie, word die latere twee weergawes vir ons doeleindes buite rekening gelaat. Die aard van die reaksies op hierdie wysiginge is sodanig dat ’n akademiese behandeling daarvan ’n ander rigting inslaan – die taak van ’n verdere studie wat spesifiek ingaan op die aard van die veronderstelde ampstaalbestel en op ’n vertolking van die tersaaklike grondwetlike taalklausule.

Een van die vrae wat ons daarom behoort te stel is of ’n normatiewe vergelyking tussen die eerste en tweede weergawes van die taalwetsontwerp wenslik, of selfs geldig, is. Ontledings van SALB I het reeds bepaalde probleme blootgelê wat twyfel laat ontstaan oor die normatiewe waarde van hierdie weergawe van die wetsontwerp binne ’n vergelykende benadering (vgl. Du Plessis 2010).

’n Groter probleem met so ’n normatiewe benadering is dat ook van die veronderstelling uitgegaan word dat die twee taalwetsontwerpe inhoudelik gelykwaardig is en derhalwe



vergelykbaar behoort te wees. Lourens (2011) se inhoudelike vergelyking lê egter 'n aantal grondige verskille tussen die twee wetsontwerpe bloot wat 'n mens laat wonder of hulle inderdaad gelykwaardig is. Alhoewel sy vergelyking sekerlik kritici se mening dat SALB II 'n "afgewaterde taalwet" word, ondersteun (Van der Elst 2011; Van der Rheede 2011), suggereer dit tegelykertyd dat die SALB II dalk 'n andersoortige taalwet in die vooruitsig stel. Lourens identifiseer eenvoudig te veel grondige, strukturele verskille tussen die twee taalwetsontwerpe om van SALB II as 'n gelykwaardige dokument te kan praat. Dit laat dus die vraag ontstaan of SALB II inderdaad, soos SALB I, as 'n nasionale taalwettipe beoordeel kan word, en indien nie, watter soort benadering dan gepas sou wees om 'n geldige beoordeling te kan maak. En binne watter taalwetkategorie kan ons SALB II dan plaas?

Die tipologie van taalwetgewing wat na aanleiding van 'n stel sosiolinguistiese beginsels ontwikkel is (Du Plessis 2010), kan help om die probleme hier bo te oorbrug. Dit bied aan die ontleder die moontlikheid om 'n stuk taalwetgewing uit eie reg aan die hand van 'n generiese stel veranderlikes te oorweeg. So 'n ontleding van SALB II, as nasionale taalwettipe, word met hierdie artikel beoog.

Daar word in die artikel kennis geneem van die jongste sienings oor verskillende tipes taalwetgewing as teoretiese begronding. Die tipologie van taalwetgewing word op basis van nuwe insigte aangepas en as meetinstrument verder ontwikkel. Dit bied dan aan die ontleder 'n meer gefundeerde basis om vergelykings te kan maak, indien nodig. Die werking van die meetinstrument word aan die hand van vier model taalwette (taalwettipes) getoets.

Bestaande relevante dokumentasie (meestal elektronies van aard) word as inligtingsbasis benut. Omdat wetgewing betrokke is, dien die webtuistes van die betrokke owerhede as vernaamste inligtingsbronne. Aanvullend hiertoe word vakwetenskaplike publikasies en relevante (elektroniese) mediabronne ook benut. Die studie wat hier aangebied word, is primêr narratief van aard en is gebaseer op 'n inhoudsontleding van die relevante dokumentasie.

## 2. Taalwetgewing en taalwette

Du Plessis (2010:68) omskryf 'n (nasionale) taalwet as "'n baie spesifieke vorm van taalwetgewing" wat "volledig gewy word aan reëls oor die status en gebruik van aangewese tale", meestal die amptelike tale van 'n gebied. Volgens Williams (2008:148) vestig taalwetgewing 'n sterk statutêre grondslag vir die deurvoer van taalbeleidsmeganismes. Dit moet des te meer waar wees van 'n toegewyde taalwet soos hier bo bedoel word.

Minstens twee oorkoepelende tipes taalwette kan onderskei word, naamlik taalwette met reëlins oor nasionale amptelike tale en/of taalwette met reëlins oor spesifieke tale wat gewoonlik minderheidstale is en/of tale wat spesiale behandeling verg (Du Plessis 2009:69). Beide tipes hou verband met wat Turi (1995:112) "officialising" (veramptelikende) taalwetgewing noem, met ander woorde wetgewing wat die gebruik van aangewese tale as

amptelike tale in die taalgebruiksdomeine van wetgewing, die regsowerheid, publieke administrasie en die onderwys bekragtig.

Na aanleiding van Williams (2008:162) kan ons twee verdere tipes “veramptelikende” taalwetgewing onderskei, te wete institusionaliserende en/of normaliserende taalwetgewing. Institusionaliserende taalwetgewing is daarop gerig om die verteenwoordiging van aangewese tale in die sleuteltaalgebruiksdomeine van ’n gebied te verseker en normaliserende taalwetgewing om die uitbreiding van die gebruik van aangewese tale te optimaliseer (in onder meer die sentrale taalgebruiksdomeine).

Tipiese voorbeelde van institusionaliserende taalwetgewing, of taalwette oor die gebruik van (nasionale of) amptelike tale, is onder meer Indië se *The Official Languages Act, 1963* (Republic of India 1963), Kanada se *Official Languages Act* (Department of Justice, Canada 1985)<sup>3</sup> en Ierland se *Official Languages Act 2003* (Houses of Oireachtas 2003). Hierdie tipe taalwet reguleer die amptelike taalbestel van die betrokke (meertalige) lande en word benodig om ’n vorm van taalharmonie te bewerkstellig. In die gemelde voorbeelde word die gebruik van meer as een amptelike taal verorden; met ander woorde amptelike tweetaligheid of amptelike drietaligheid word geïnstusionaliseer.

In enkele gevalle, soos onder meer in heelwat van die post-Sovietstate (Pavlenko 2008; Hogan-Brun e.a. 2009), verorden die nasionale taalwet egter amptelike eentaligheid. Dit gebeur byvoorbeeld in die geval van die Oekraïne se *On Languages in the Ukrainian Soviet Socialist Republic* (Vidomosti Verkhovnoyi Rady Ukrayiny (VVR) 1989 – soos gewysig in 1995),<sup>4</sup> Estland se *Language Act* (RT (Riigi Teataja) 1995) en Letland se *Law on the State Language* (Latvijas Republikas Saeima [Parliament of the Latvian Republic] 1999). Een van die belangrikste onderskeidende kenmerke van beide tipes institusionaliserende taalwette is dat baie pertinente en selfs voorskriftelike reëlins gemaak word oor ampstaalgebruik in die amptelike taalgebruiksdomeine op nasionale vlak. Institusionaliserende taalwettipes reguleer dus die oorkoepelende ampstaalbestel van ’n gebied.

’n Tweede kategorie taalwette reguleer die gebruik van spesifieke tale binne ’n meertalige bestel en is in werklikheid gerig op die bevoordeling van sodanige taal. Tipiese voorbeelde van sulke normaliserende taalwetgewing is Quebec se *Charte de la langue française* (Éditeur officiel du Québec 1977), Nieu-Seeland se *Māori Language Act* (New Zealand Government 1987), Finland se *Sámi Language Act* (Ministry of Justice, Finland 2003) en Nieu-Seeland se *New Zealand Sign Language Act* (New Zealand Sign Language Act 2006). Hierdie soort taalwette bevat maatreëls wat primêr daarop gerig is om binne nuwe kontekste geleenthede te skep vir die gebruik van ’n taal waarteen voorheen gediskrimineer is (Williams 2008:145) – ’n mens sou selfs kon sê ’n gemarginaliseerde taal wat vir opheffing geteiken word. Ook in hierdie geval word die wetgewing onderskei deur domeïnspesifieke reëlins oor taalgebruik, uiteraard met die oog daarop om die aangewese taal te bevoordeel. Hierdie tipe normaliserende taalwetgewing kan as promoverend van aard geklassifiseer word.

In die geval van Wallis se *Welsh Language Act, 1993* (Parliament of the United Kingdom 1993) en Skotland se *Gaelic Language (Scotland) Act, 2005* (Parliament of the United

Kingdom 2005) kry ons egter 'n verdere soort normaliserende taalwetgewing. Alhoewel die Walliese taalwet dikwels as voorbeeld van 'n relatief geslaagde taalwet voorgelê word (Dunbar 2005:479), verskil dit grondig van die domein-gespesifiseerde taalwetgewing hier bo. Alhoewel normalisering ook die oogmerk van hierdie tipe wetgewing is, word die implementering daarvan nie noodwendig domeinspesifiek gedoen nie. Die kenmerk van hierdie tipe wetgewing is dat dit eerder pertinente reëls bevat oor wetlike meganismes en maatreëls wat nodig is om sodanige normalisering statutêr te vestig. Ons kan hierdie tipe normaliserende taalwetgewing as korrekatief (of in Suid-Afrikaanse terme, regstellend) van aard klassifiseer.

Uit ons voorbeelde blyk dat twee primêre instrumente in hierdie opsig in die vooruitsig gestel word, naamlik die vestiging van 'n verantwoordelike taalowerheid (soos die Walliese Taalraad) en die instel van taalskemas. (Die Skotse taalwet sluit wel ook 'n domeinspesifieke afdeling oor onderwys in.) 'n Taalskema is 'n baie spesifieke wetlike meganisme wat maatreëls voorskryf oor die lewering van taaldienste binne verskillende staatssektore. Die taalskema van die Walliese parlement (vgl. Welsh Assembly Government 2007) is 'n goeie voorbeeld daarvan. By beide die Walliese en Skotse taalskemas gaan dit oor die lewering van tweetalige dienste in die staatsadministrasie. Taalskemas spruit voort uit normaliserende taalwetgewing en kan daarom tegnies as sekondêre taalwetgewing (Du Plessis 2009) beskou word. As sekondêre taalwetgewing is 'n taalskema meestal afhanklik van 'n taalwet of van 'n ander vorm van primêre taalwetgewing.

Die onderliggende verskille tussen die onderskeie tipes taalwette kan nou in terme van die tipologie van sosiolinguistiese beginsels by taalwetgewing verder ondersoek word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal op 'n modifisering van die drie stelle strukturele sosiolinguistiese beginsels waarmee die betrokke tipologie werk, gekonsentreer word. Hulle is:

- Grondbeginsels (die proklamerings van ampstaal, die hantering van die bindingstaalvraagstuk en die onderwerp van die wet)
- Domeinbepalende beginsels (kommunikasie met die publiek, taal van onderrig en linguistiese aspekte van burgerskap)
- Regsinstrumentele beginsels (verskeidenheid, seggingskrag en afbakening).

Die grondbeginsels van taalwetgewing hou verband met die aard en wese van die taalbestel wat gereguleer word: watter tale as ampstaal funksioneer (ampstaalproklamasie); hoe die ampstaalbestel inhoudelik getipeer kan word (bindingstaalvraagstuk); en wat met amptelike bereik wil word (wetsonderwerp). 'n Mens tref hierdie beginsels gewoonlik in die aanhef van 'n taalwet aan, en dikwels ook by die oogmerke van so 'n wet. Soms kan verdere (spesifieke) bepalinge ook nadere toeligting op sommige aspekte hieromtrent gee.

Die domeinbepalende beginsels van taalwetgewing het betrekking op die nadere besonderhede omtrent die regulering van die taalverhouding tussen die staat en die publiek. Wat hier van belang is, is die mate waartoe die taalverhouding in ooreenstemming gebring word met die oogmerke van die ampstaalbestel. Amptelike kommunikasie met die publiek

definieer in 'n groot mate hierdie verhouding. Ook van kernbelang is die mate waarin die onderrigstelsel ondersteunend en komplementêrend meewerk om sodanige kommunikasie te kan verwezenlik. Uiteraard is die rol van taal by burgerskapsverwerwing ook van kernbelang. Hierdie beginsels dra daartoe by dat beide die staat en die burger se taalverpligtinge wetlik gereël word.

Die regsinstrumentele beginsels hou verband met reëlins oor die wetlike beskerming van die amsptaalbestel, maar kan ook uitbrei om die verskansing van taalregte as sodanig in te sluit. Hier is dit veral belangrik dat 'n verskeidenheid regsinstrumente voorsien word – hoe groter die verskeidenheid, hoe beter die beskerming. Dikwels word bepalings hieromtrent meer teen die einde van 'n taalwet behandel. Ook belangrik is die seggingskrag van die instrumente, 'n aspek wat meestal gedek word deur bepalings oor verwere en remedies. Die aspek van afbakening van taalregte is ook van kardinale belang, omdat dit baie pertinent die posisie van die burgers raak en verder gaan as administratiewe reëlins oor die gebruik van die ampstale. Dit dui ook aan watter gronde daar vir die burgers bestaan om hulle op te beroep sou daar 'n miskenning van hulle regte wees.

Die mate waarin hierdie drie stelling beginsels in die twee tipes taalwette wat hier bo uitgelig is, realiseer, kan nou in terme van 'n subjektiewe gyskaal met waardes 0 tot 5 geweeg word. Die waarde 0 verteenwoordig hier die afwesigheid van 'n betrokke aspek van die beginsels in die wetgewing wat ondersoek word, die waarde 3 verteenwoordig 'n gebrekkige aanwesigheid en die waarde 5 'n beduidende aanwesigheid. Aanwesigheid word hier bepaal deur 'n duidelike melding van beginsels in die teks van die taalwet.

Ons kan hierdie meting nou toepas op 'n taalwetmodel uit elke kategorie. Gevestigde en wyd-erkende taalwette word in hierdie geval as voorlopers beskou. Die Official Languages Act (OLA) van Kanada en Estland se Language Act of Keeleseadus (Ks) dien as voorlopers in die kategorie van institusionaliserende taalwetgewing (onderskeidelik die institusionalisering van meertalige en eentalige bedelings) terwyl Quebec se French Language of Charter, of Charte de la langue française (Clf), en Wallis se Welsh Language Act, 1993 (WLA) dien as voorbeelde van normaliserende taalwette (onderskeidelik promoverende en korrektiewe normalisering). 'n Kwantifisering van die beoordeling wat hierna gemaak word, kan in Tabel 1 nagegaan word.

### **2.1 Die Official Languages Act (OLA)**

Die OLA is 'n omvattende taalwet wat 39 bladsye en 110 artikels beslaan. Dit is 'n wet wat opmerklik ten doel het om amptelike tweetaligheid (Engels/Frans) in Kanada te institusionaliseer. 'n Hele aantal bepalings kan met die aanwesigheid van *kernbeginsels* van taalwetgewing verbind word. Beginsels oor ampstaalproklamering is baie direk en word ter inleiding en in die aanhef as ideaal gestel en in die oogmerke van die wet in duidelike terme uitgespel. Beginsels oor die bindingstaalkwessie is ook aanwesig. Frases in die aanhef verbind die Kanadese regering tot die bevordering van tweetaligheid asook die beskerming en integrasie van selfs die Engelse en Franse linguïstiese minderhede in onderskeie meerderheidsgebiede van Kanada as deel van die twee nasionale taalgemeenskappe.

Afdelings VI en VII van die wet voer die bindingstaalideale verder deur die skep van gelyke geleentheid en deelname en die daarstel van taalbevorderingsmaatreëls. 'n Verskeidenheid kernreëlins kan met die aanwesigheid van *domeinbepalende beginsels* verbind word. Al die kerndomeine van amptelike taalgebruik word uitvoerig behandel, insluitende wetgewing (met inbegrip van die wetgewer), die regsowerheid en staatsadministrasie (Afdelings I tot IV). Die aspek van taal in die onderwys en taal van burgerskap word egter nie behandel nie. Nietemin bevat Artikel 45 'n sydelingse verwysing na die staat se verpligting met betrekking tot onderwys in beide amptelike tale.

Die OLA gaan verder en sluit ook bepalings oor die taal van arbeid in (Afdeling V), 'n aspek van taalgebruik wat nie altyd deur taalwetgewing gereël word nie. Ook reëls wat met *regsinstrumentele beginsels* verbind word, is aanwesig.

Die OLA maak voorsiening vir institusionele toetrede deur twee liggame: die Tesourieraad (Afdeling VIII) en die Kommissaris van Amptelike Tale (Afdeling IX). Afdeling X verleen seggingskrag aan die regte wat opgelê word deur middel van 'n vyftal bepalings oor remedies, en Afdeling IX verorden regte met betrekking tot tale. Verskeie ander afdelings van die wet bevat ook taalregtebepalings.

Die meeste van die sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing is dus in die OLA aanwesig, wat die voltellings in die meerderheid afdelings in Tabel 1 verklaar.

## 2.2 Die *Keeleseadus* (Ks)

Die Ks is in vergelyking met die OLA 'n aansienlik korter dokument – dit bevat 30 artikels wat oor ses hoofstukke en agt bladsye strek. Anders as die OLA reguleer die Ks wesenlik amptelike eentaligheid. 'n Aantal *kernbeginsels* van taalwetgewing (aanwesig in taalreëlins) staan ook in hierdie taalwet. Proklameringsbeginsels is aanwesig in die bepalings oor Estlands as enigste amptelike taal (Artikels 1 en 2 van Hoofstuk 1). Geen duidelike bepalings kom egter voor wat met die bindingstaalvraagstuk verband hou nie. Dit word dus nie verduidelik watter soort taalbestel Estland in die oog het nie. Bepalings wat met beginsels oor die onderwerp van die taalwet verbind kan word, kom in Artikel 2.1 voor. Hierdie artikel bepaal dat die oogmerk van die wet is om vaardigheid in Estlands te reguleer asook die gebruik van Estlands en vreemde tale.

Ook *domeinbepalende beginsels* is aanwesig. Bepalings met betrekking tot kommunikasie met die publiek word in verskeie artikels behandel, onder meer in Artikel 3, waar die taal van die staatsadministrasie (die weermag word ook duidelik hierby ingesluit) behandel word; in Artikel 4, waar die reg op die gebruik van Estlands in regeringsdomeine en die openbare lewe bepaal word; in Artikel 12, waar die taal van amptelike korrespondensie (Estlands) bepaal word; in Artikel 17, waar die taal van verslagdoening (Estlands) bepaal word; en in Hoofstuk 5 (Artikels 19–21), waar name en die linguistiese landskap behandel word (alles moet amptelik in Estlands wees).

Bepalings met betrekking tot taal in die onderwys kom ook in hierdie wet voor, wat dui op die aanwesigheid van die taal-in-die-onderwys-beginsel. Die betrokke bepaling word wel nie tot Estlands beperk nie – onderrig in vreemde tale word ook toegelaat. (Sonder dat Russies by name vermeld word, moet ons uit 'n bepaling oor die onderrig van 'n taal van 'n nasionale minderheid as vreemde taal in Artikel 2(2) aflei dat dit die taal is wat hier geïmpliseer word) (Artikel 6).

Ook aanwesig is reëlins met betrekking tot die beginsel van die taal van burgerskap. Artikel 5 behandel hierdie aspek noukeurig en koppel dit baie sterk aan taaltoetsing.

*Regsinstrumentele beginsels* is in 'n mindere mate aanwesig. Beginsels wat dui op 'n verskeidenheid regsinstrumente kom baie effentjies voor in 'n bepaling in Artikel 28 wat na toesig oor die taalwet verwys. Dieselfde geld vir die beginsels oor seggingskrag – Artikel 28 verwys slegs na aanspreeklikheid in terme van die wet deur middel van ander relevante wetgewing. Beginsels oor die afbakening van taalregte kom wel in etlike taalregtereëlins voor, onder meer in die reg op Estlands (Artikel 4), regte rondom taaltoetsing (Artikel 5), die reg op vertaling in Estlands (Artikel 8), die reg op taal van keuse (Artikel 9), die reg op die gebruik van die nasionale minderheidstaal (natuurlik gedeeltelik 'n eufemisme vir Russies), en die reg van verbruikers op Estlands (Artikel 16). 'n Verskeidenheid taalregte word dus duidelik afgebaken. Die meeste van die sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing is dus in die Ks teenwoordig, soos die resultate van hierdie meting in Tabel 1 weergee.

Oorkoepelend gesien, verskil die meting van die Estlandse taalwet kwantitatief nie veel van dié van die OLA nie – hulle totale is ongeveer gelyk; die verskille lê eerder op kwalitatiewe vlak. So is die bindingstaalvraagstuk byvoorbeeld nie duidelik teenwoordig in die Ks nie, terwyl dit in die geval van die OLA wel aanwesig is in bepalinge oor die aard van die ampstaalbestel.

Die twee tipes institutionaliserende taalwette verskil grondig op sterkte van hierdie twee beginsels. In die geval van die Ks word amptelike eentaligheid nogtans duidelik as model voorgelê (byvoorbeeld in die onderwys en in kommunikasie met die staat), maar nie altyd in absolute terme nie, aangesien die nasionale minderheid wel geakkommodeer moet word. Waar dit wel absoluut raak, is by die koppeling van burgerskap en die verwerping van Estlands, 'n beginsel wat weer nie in die Kanadese taalreëlins voorkom nie. Die Ks is ook meer omvattend as die OLA wat taal in die onderwys betref. Ks verbind die staat eksplisiet tot die lewering van onderwys in Estlands, terwyl die OLA die Kanadese staat nie noodwendig tot tweetalige onderwys verbind nie. 'n Mens merk hier dus 'n direkte verband tussen die taal van onderwys en die linguistiese aspek van burgerskap. Die OLAs is ook relatief meer genuanseerd as die Ks wat betref beginsels oor die verskeidenheid en seggingskrag van regsinstrumente. Dit is waarskynlik toe te skryf aan 'n bewustelike keuse van die Estlandse wetgewer om die reëlins oor taaltoetsing buite die taalwet te hou. ('n Vorige weergawe van die wet het nog 'n hele reeks sodanige reëlins bevat.)

Wat ons kan aflei uit hierdie vergelyking van dié betrokke twee taalwetmodelle, is dat 'n institutionaliserende taalwet in die eerste plek gekenmerk word deur die eksplisiete

aanwesigheid van al drie kategorieë sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing in die taalreëlings van so 'n taalwet. In die tweede plek word so 'n taalwet gekenmerk deur die mate van onderlinge verspreiding van die wesenlike aspekte van die beginsels in elke kategorie. Betreffende hierdie verspreiding is dit opvallend dat (a) wat grondbeginsels betref, beginsels oor ampstaalproklamering en die onderwerp van die taalwet baie duidelik in beide modelle aanwesig is; (b) wat domeinbepalende beginsels betref, bepalings oor kommunikasie met die publiek in beide modelle ook baie duidelik aanwesig is; en (c) wat regsinstrumentele beginsels betref, beginsels oor die afbakening van taalregte baie duidelik in beide modelle aanwesig is. 'n Mens sou tot die gevolgtrekking kon kom dat hierdie in werklikheid die kernbeginsels van 'n institusionaliserende taalwet tipe is.

Vervolgens sal die twee normaliserende taalwetmodelle bespreek word, naamlik die Clf en die WLA.

### 2.3 Die *Charte de la langue française* (Clf)

Die Clf (of Bill 101, soos dit bekend staan na aanleiding van die nommer van die aanvanklike taalwetsontwerp – Larrivé 2003:172) is 'n relatief omvattende taalwet van 39 bladsye en 214 artikels. Opvallend omtrent die struktuur van die taalwet is die indeling van altesaam ses afdelings (Engels: “titles”), elk met 'n aantal hoofstukke.

Reeds in die aanhef van die wet is dit duidelik dat hierdie nie net 'n normaliserende taalwet tipe is nie, deur die verklaarde ideaal om Frans die taal van die regering en die wet in Quebec te maak, maar ook die “normale en alledaagse taal” wat mense by die werk gebruik, in onderrig, kommunikasie en die handels- en sakewêreld. 'n Aantal *kernbeginsels* is duidelik aanwesig in reëlings wat dié taalwet in Afdeling I (status van die Franse taal) omtrent die gebruik van Frans maak. Artikel 1 (die artikels is deurlopend vir alle afdelings en hoofstukke) verklaar Frans as die amptelike taal van Quebec en dit getuig van die werking van die ampstaalproklameringsbeginsel. Nieteenstaande die feit dat die aanhef die ideaal stel omtrent wat bereik wil word, is duidelike bepalings afwesig wat betref die onderwerp van die taalwet. Die bindingstaalbeginsel is ook by implikasie teenwoordig in die aanhef (dat Frans die taal is waarin Quebecane hulle identiteit uitdruk) maar verder as dit gaan die wet nie en geen bepalings hieromtrent kom voor nie.

'n Hele aantal bepalings kan direk toegeskryf word aan die aanwesigheid van *domeinbepalende beginsels*. Trouens, daar word ook vir taalgebruik in nie-amptelike domeine voorskrifte gegee (Hoofstuk VI, die taal van arbeidsverhoudinge; Hoofstuk VII, die taal van die handels- en sakewêreld). Taalgebruik in amptelike domeine word gereël in Hoofstuk III (die taal van die wetgewer en howe), Hoofstuk IV (die taal van die openbare administrasie) en Hoofstuk V (die taal van semistaatsinstellings). Waar die Kanadese Grondwet dit toelaat, word kommunikasie in Frans in alle gevalle bevoordeel. Ter versterking van hierdie bepalings bevat die taalwet 'n verdere aantal omstrede bepalings onder Afdeling II (wat handel oor verampteliking, toponomie en verfransing) oor die verfransing van Quebec. Hoofstuk IV van hierdie afdeling handel oor die verfransing van die administrasie en Hoofstuk V oor die verfransing van ondernemings.

Die taal-in-die-onderwys-beginsel is ook baie prominent aanwesig. Hoofstuk VIII bevat breedvoerige bepalings oor die gebruik van Frans en ander tale in die onderwys – besonder streng toegewings word onder meer oor die gebruik van Engels vir onderrigdoeleindes gemaak (Artikel 73). Die wet gaan selfs verder en bevat ook voorskrifte oor taalgebruik aan kolleges en universiteitagtige instellings (Hoofstuk VIII).

Uiteraard is die beginsels oor die linguïstiese aspekte van burgerskap afwesig, aangesien Quebec nie 'n onafhanklike staat is nie. Die suggestie in die Aanhef oor die identiteit van Quebecane kan wel as 'n stilswyende burgerskapsbepaling gesien word.

Onder Afdelings III (die Quebecse Kantoor van die Franse taal), IV (die Opperraad van die Franse taal) en V (strafbepalings en ander sanksies) kom ons 'n uitgebreide aantal bepalings teë wat dui op die baie sterk aanwesigheid van *regsinstrumentele beginsels*. Die Quebecse Kantoor van die Franse taal is verantwoordelik vir die bepaling van beleid vir linguïstiese verampdeling, terminologie en die verfransingsinisiatief, terwyl die Opperraad van die Franse Taal verantwoordelik is vir advies aan die lynfunksie-minister oor enige aspek omtrent die Franse taal in Quebec. Beide liggame word verplig om openbaar verslag te doen. Die afdeling oor strafmaatreëls en ander sanksies is besonder kragtig en sou selfs as drakonies gesien kon word. Die betrokke regsinstrumente dui op die aanwesigheid van die beginsels van verskeidenheid en seggingskrag. Ook die laaste beginsel – afbakening van taalregte – is aanwesig in die reëlings onder Hoofstuk II (fundamentele taalregte) van Afdeling I (status van die Franse taal). 'n Wye verskeidenheid duidelike taalregte wat uitsluitlik gemoeid is met die gebruik van Frans, word hier uitgespel.

Oorwegend beskou vaar die Clf in terme van die meting in Tabel 1 relatief goed, maar nietemin minder goed as die twee institusionaliserende modelle wat hier bo bespreek word.

#### **2.4 Die Welsh Language Act (WLA)**

Die WLA is 'n veel minder omvattend normaliserende taalwet. Nogtans beslaan die wet 19 bladsye en bevat dit buiten twee bylaes (een oor die Walliese Taalraad en een oor herroepte wette) altesaam 37 artikels. Dit bestaan verder uit drie dele: Deel I handel oor die Walliese Taalraad, Deel II oor die Walliese Taalskemas en Deel III oor Diverse Aangeleenthede (onder meer die gebruik van Wallies in regsprosedures, statutêre name, vorms, ensovoorts).

Opvallend omtrent hierdie normaliserende taalwettipe is die prominente aanwesigheid van die onderwerp-van-die-wet-beginsel in die Memorandum, synde om 'n taalraad daar te stel wat verantwoordelik is vir die bevordering van die Walliese taal en wat vir hierdie doel taalskemas in die openbare sektor moet instel. Verskeie artikels konsolideer hierdie oogmerk, onder meer Artikel 1 en 3 met betrekking tot die Walliese Taalraad en onder meer Artikels 5, 9, 12 met betrekking tot die Walliese Taalskemas. Anders as die ander wette wat tot hiertoe behandel is, is die ampstaalproklameringsbeginsel nie aanvanklik so opvallend teenwoordig nie. Dit is nogtans aanwesig in artikels wat handel oor die gemelde twee bepalings. So byvoorbeeld verbind Artikel 3(2) die Walliese Taalraad tot die gee van advies oor die gelyke beregtiging van Engels en Wallies, en Artikel 6(2) handel oor die beginsel dat die twee tale in



die openbare sektor en regspleging op gelyke voet hanteer sal word. Hierdie bepalings dui op 'n indirekte aanwesigheid van die betrokke beginsel.

Geen van die bepalings handel oor die bindingstaalvraagstuk nie. Ook by *domeinbepalende beginsels* staan een beginsel sterk uit, naamlik dié van kommunikasie met die publiek. Eintlik is die hele Deel II getuienis van die aanwesigheid van hierdie beginsel, omdat dit die afdeling van die taalwet is waar breedvoerig met die Taalskemas gehandel word. Die uitsluitlike doel van die Taalskemas – soos in Artikel 6(2) van die wet gestel – is om uitvoering te gee aan “the principle that in the conduct of public business and the administration of justice in Wales the English and Welsh languages should be treated on a basis of equality” (Parliament of the United Kingdom 1993). Die oogmerk met die Taalskemas is dus, soos in Artikel 5(1) aangedui word, primêr om te verseker dat instansies wat dienste aan die publiek lewer, Wallies gebruik.

Artikel 22 van Deel III handel in meer besonderhede oor die gebruik van Wallies in regspleging en bevestig die aanwesigheid van die kommunikasie-met-die-publiek-beginsel. Dit word verder gedoen deur 'n hele aantal ander artikels wat eintlik handel oor taalsigbaarheid vir Wallies: Artikel 25 (oor die gebruik van Wallies in die benoeming van geografiese entiteite); Artikels 26 en 27 (oor die gebruik van Wallies in amptelike vorms) asook die oorblywende artikels van Deel III (oor die gebruik van Wallies in maatskappybenamings, wetbenamings, ensovoorts). Geen direkte bepalings kom voor wat aan die taal-in-die-onderwys-beginsel verbind kan word nie – alhoewel die Taalskemas ook op onderwysinstellings betrekking het, maar as instansies wat dienste aan die publiek lewer. Geen verwysings met betrekking tot die linguistiese-aspekte-van-burgerskap-beginsel kom voor nie. Soos reeds gemeld, word die grootste gedeelte van die Walliese taalwet gewy aan die legitimisering van twee kernregsinstrumente, die Walliese Taalraad en die Walliese Taalskemas, en dus bepalings wat dui op die aanwesigheid van *regsinstrumentele beginsels*. Ter versterking van die Taalskemas word voorsiening ook gemaak vir die lê van klagtes as regsinstrument (Artikels 17-19) en vir openbare verslagdoening as verdere instrument (Artikel 10(2), (3); Artikel 19; Artikel 13, Bylae I). Aanwysings deur die Staatsekretaris (Artikel 20) word bykomend voorsien.<sup>5</sup> Die verskeidenheidsbeginsel is dus opvallend, asook die seggingskragbeginsel by regsinstrumente. Geen getuienis van die afbakening-van-taalregte-beginsel kan in die Walliese taalwet gevind word nie.

Oorwegend beskou, vaar die WLA relatief die slegste in die meting wat in Tabel 1 gedoen word. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat 'n korrektief normaliserende wet –alhoewel ook promoverend van aard – baie spesifiek gerig word op aksies wat regstelling met betrekking tot die aangewese taal kan verseker. Die oogmerk van so 'n korrektiewe wet is relatief eensydig: die domeine waar regstelling moet plaasvind, word pertinent afgebaken en voldoende regsinstrumente met seggingskrag word voorsien. 'n Promoverend normaliserende taalwettipe gee ook aan van die ander aspekte van taalwetgewing aandag.

**Tabel 1. Die graad van aanwesigheid van sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing by vier taalwetmodelle**

Beginsels		Institusionaliserende taalwet		Normaliserende taalwet	
		Meertalig	Eentalig	Promoverend	Korrektief
		OLA	Ks	Cif	WLA
Grondliggend	Proklamering van ampstaal	5	5	5	0
	Hantering van bindingstaalvraagstuk	5	0	0	0
	Onderwerp van die taalwet	5	5	3	5
Domeinbepalend	Kommunikasie met burgery	5	5	5	5
	Taal van onderrig	3	5	5	0
	Linguistiese aspekte van burgerskap	0	5	0	0
Regsinstrumenteel	Verskeidenheid	5	3	5	5
	Seggingskrag	5	3	5	5
	Afbakening van taalregte	5	5	5	0
<b>Totaal</b>		<b>38</b>	<b>36</b>	<b>33</b>	<b>20</b>

Die vergelyking bring, oorhoofs beskou, interessante onderlinge aspekte na vore. Een van die aspekte wat in die vergelyking oorkoepelend 'n voltelling behaal, is die beginsel van kommunikasie met die publiek (20/20). 'n Mens sou kon sê dat hierdie element dan die kern van alle taalwetipes vorm. Drie verdere aspekte kry byna voltellings: die onderwerp van die taalwet (18/20), die verskeidenheid regsinstrumente en die seggingskrag van regsinstrumente. Die drie saam sou as 'n tweede kernelement van taalwette beskou kon word. Ampstaalproklamering en afbakening van taalregte (beide 15/20) vorm 'n derdevlakelement wat 'n mens ook in 'n taalwet sou kon verwag, gevolg deur die taal-in-die-onderwys-kwessie (13/20). Interessant genoeg behaal die kwessie van die bindingstaalvraagstuk en die linguistiese aspekte van burgerskap die laagste tellings (5/20), wat impliseer dat hulle eintlik uit die beskouing gelaat kan word.

Die vergelyking in Tabel 1 bevestig egter dat nie alle taalwette oor dieselfde kam geskeer moet word nie, alhoewel dit 'n subjektiewe oefening behels. Die ontleding wat hier van vier taalwetmodelle gedoen is, dui op 'n beginselverskil tussen institusionaliserende en normaliserende taalwette. Verder dui die vergelyking ook daarop dat daar tussen meertalige en eentalige institusionaliserende taalwetipes relatief min kwantitatiewe verskille voorkom,

maar wel kwalitatiewe verskille, wat reeds hier bo behandel is. By die verskillende tipes normaliserende taalwette lyk hierdie verskille egter groter. Promoverende en korrektiewe normaliserende taalwette verskil kwantitatief sowel as kwalitatief. By die tipe promoverende taalwette wat hier behandel is, speel ampstaalproklamerings steeds 'n belangrike rol, asook bepalings met betrekking tot taal in die onderwys en die afbakening van taalregte. Hierdie aspekte kom nie voor in die bepalings van die korrektiewe taalwetmodel wat behandel is nie, wat dan die basis van hulle onderlinge verskil vorm.

'n Ander opvallende aspek omtrent die vergelyking is die glykskaal-effek wat na vore kom. Taalwette kan ingevolge hierdie verskynsel ook gegroepeer word in terme van die proporsionele aanwesigheid van beginsels van taalwetgewing. Proporsioneel meer van die beginsels is aanwesig by institusionaliserende taalwettes as by normaliserende taalwettes. Indien aanwesigheid van 50 persent as 'n onderskeidingspunt beskou kon word, toon promoverende normaliserende taalwette wat hierdie aspek betref, groter ooreenkomste met institusionaliserende taalwette as korrektiewe taalwette. So 'n afsnypunt kan egter nie gebruik word om die groter onderskeid tussen die twee kategorieë te maak nie – ons het hier eerder met 'n glykskaal te make waarin die oorgang nie persentasiegewys so duidelik is nie. Dit is daarom belangrik om eerder te konsentreer op die beginselonderskeid tussen die twee hoof tipes taalwette.

'n Kontekstuele ontleding van die onderlinge verskille self sou waarskynlik verdere insigte kon oplewer. Dit sou kon aandui waarom Wallis byvoorbeeld kies vir 'n korrektiewe normaliserende taalwet en Quebec vir 'n promoverende normaliserende taalwet. Die bykomende kontekstuele beginsels by taalwetgewing (Du Plessis 2010) sou so 'n vergelyking kon vergemaklik. Die skema wat in die huidige studie voorgestel word, stel die ondersoeker egter wel in staat om verskillende taalwettes op 'n beginselbasis te kan vergelyk. Dit bied daarom 'n meer rasionele basis van vergelyking as 'n benadering waar verskillende taalwette teen mekaar afgespeel word en waar 'n bepaalde taalwet normatief as model voorgelê word. By laasgenoemde benadering sal kontekstuele faktore beslis verreken moet word, omdat lande se taalbestel grondig kan verskil. By die benadering wat in hierdie artikel voorgestaan word, speel die kontekstuele aspekte in beginsel 'n mindere rol.

### **3. SALB I as beoogde taalwet**

Du Plessis (2010:83–9) bevind dat SALB I oorwegend beskou verskeie van die hoofelemente van 'n taalwet bevat, ondanks die feit dat die teks as sodanig nog nie in konvensionele wetsvorm gegiet is nie. Bepaalde grondbeginsels (onder meer die ampstaalproklameringsbeginsel en onderwerp-van-die-wet-beginsels) is wel aanwesig, asook beperkte domeinbepalende beginsels (onder meer wat betref kommunikasie met die publiek) en uiteindelik ook regsinstrumentele beginsels (onder meer die verskeidenheid regsinstrumentele beginsels en die seggingskragbeginsels). Nietemin lê hy kardinale strukturele leemtes bloot wat vrae laat ontstaan oor die normatiewe waarde van SALB I by 'n vergelyking met SALB II. Alhoewel 'n aantal kardinale taalwetgewingsbeginsels aanwesig

is, word die bepalings wat op hulle betrekking het, ietwat vaag geformuleer. Die oogmerk met die ontleding was egter gewoon om vas te stel of 'n verteenwoordigende aantal beginsels wel aanwesig is ten einde van 'n taalwet te kan praat en nie soseer om vas te stel tot watter taalwettipe die SALB I behoort nie. Ook was die gedagte nie om 'n meting van SALB I te maak nie. So 'n ontleding gaan veel dieper en kan 'n perspektief gee op die vergelykingswaarde van die SALB I.

In die lig van die grondliggende verskille wat hier bo blootgelê is, is dit egter belangrik om te kan vasstel of die SALB I 'n institusionaliserende of normaliserende taalwettipe is alvorens verder aan 'n vergelyking gewerk word. Tabel 2 bevat die resultate van 'n meting van SALB I as taalwettipe aan die hand van die skema wat hier bo ontwikkel is. Die ontleding word gebaseer op Du Plessis (2010) se beoordeling.

Wat kernbeginsels betref, is die onderwerp-van-die-wet-beginsel die sterkste aanwesig in SALB I. Hierdie beginsel is aanwesig in verskeie artikels, onder meer Artikel 2 (oogmerke), Artikel 3 (riglynbeginsels) en Artikel 5 (taalbeleid). Die ander twee grondbeginsels is werklik net indirek aanwesig. Die bindingstaalvraagstuk word op 'n baie indirekte wyse in Artikel 3 gehanteer in die vorm van riglynbeginsels oor die verskansing van die amptelike tale se gelykheid van aansien, asook taalregte met die oog op die bevordering van nasionale eenheid en demokrasie. Geen duideliker bepalings kom egter voor nie. SALB I bevat nie 'n formele ampstaalproklamering nie, maar ook hier kom indirekte vermeldings wel voor in die Aanhef, in Artikel 2 en in Artikel 5.

Wat domeinbepalende beginsels betref, kom geen direkte bepalings voor wat op die aanwesigheid van die kommunikasie-met-die-burger-beginsel dui nie. Artikel 5(5) bevat wel 'n baie indirekte verwysing na die gebruik van die ampstale in die wetgewende, uitvoerende en regsplegende domeine, maar die wet verbind nie die staat met betrekking tot kommunikasieverpligtinge jeens die burger nie. In werklikheid behoort hier 'n 0-waarde toegeken te word. Die twee ander domeinbepalende beginsels, taal van onderrig en linguïstiese aspekte van burgerskap, is volledig afwesig.

Wat regsinstrumentele beginsels betref, is die beginsel van verskeidenheid van instrumente sterk teenwoordig. Artikel 6 en 7 handel oor die oprigting van Taaleenhede, Artikel 11 oor remedies, Artikel 12 oor regulasies en Artikel 10 oor openbare verslagdoening. Die beginsel van seggingskrag is aanwesig in Artikel 11 en ook in Artikel 4, 'n artikel wat die staat wel in 'n mate bind. Die beginsel oor die afbakenig van taalregte is baie indirek teenwoordig – daar word sydelings na verwys onder die riglynbeginsels (Artikel 3) en by die remedies (Artikel 11).

Ook hier behoort eintlik 'n 0-waarde toegeken te word.

**Tabel 2. Die graad van aanwesigheid van sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing by SALB I**

Beginsels		SALB I
Grondliggend	Proklamering van ampstaal	3
	Hantering van bindingstaalvraagstuk	3
	Onderwerp van die taalwet	5
Domeinbepalend	Kommunikasie met burgery	3
	Taal van onderrig	0
	Linguistiese aspekte van burgerskap	0
Regsinstrumenteel	Verskeidenheid	5
	Seggingskrag	5
	Afbakening van taalregte	3
<b>Totaal</b>		<b>27</b>

Die metingsresultate in Tabel 2 toon dat 60 persent (27/45) van die moontlike aantal taalwetgewingsbeginsels wel by SALB I aanwesig is. Hierdie relatief lae telling bring mee dat SALB I in vergelyking met die vier modelle hier bo as 'n korrektyf normaliserende taalwettipe geklassifiseer kan word. Gegewe die breër promoveringsoogmerke van Artikel 6(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet sou eintlik 'n hoër normaliserende telling verwag kon word en sou SALB I tegnies eintlik as 'n promoverend normaliserende taalwettipe geklassifiseer moes word, omdat regstelling omtrent die histories ingekorte ampstale voorop behoort te staan. Anders beskou, sou SALB I eintlik ook as 'n institusionaliserende taalwettipe takseer moes word wat amptelike meertaligheid moet reguleer. Dit kan egter nie, omdat van die wesenlike aspekte van domeinbepalende beginsels afwesig is.

Die ontleding wys twee groot tekortkominge by SALB I uit, naamlik die gebrekkige aanwesigheid van grondbeginsels, en veral die feitlike afwesigheid van sterk domeinbepalende beginsels. Beide Clf (wat gerig is op die bestuur van 'n tweede nasionale ampstaal) en WLA (wat gerig is op die bestuur van 'n nasionale minderheidstaal) bevat ten minste bepalings wat verband hou met die beginsel van kommunikasie met die publiek. Clf bevat selfs nog bepalings wat verband hou met die taal-van-onderrig-beginsel. SALB I vaar dus slegter as 'n korrektiewe taalwet soos WLA wat gerig is op die opheffing van 'n nasionale minderheidstaal, terwyl dit in werklikheid ten minste op die vlak van Clf, 'n taalwet wat 'n nasionale ampstaal promoveer, moes presteer het of op die vlak van 'n institusionaliserende taalwet soos OLA wat amptelike meertaligheid reguleer.

Hierdie vergelyking suggereer dat daar nie duidelikheid by die Suid-Afrikaanse wetsopsteller bestaan oor wat presies met 'n nasionale taalwet beoog word nie. Wil die beleidmaker die nege bykomende ampstale institusionaliseer of normaliseer? Dit wil voorkom asof met SALB I eerder laasgenoemde beoog word, maar dat tog 'n opvallend swakker korrektiewe benadering hiertoe verkies is. Ofskoon 'n normatiewe benadering tot taalwetgewing nie noodwendig antwoorde bied nie, sou dit dalk wel lonend gewees het vir die wetsopsteller om ten minste kennis te neem van taalwette wat beter presteer op die glyskaal van aanwesigheid van taalwetgewingsbeginsels. 'n Poging sou dan aangewend kon word om te verbeter op SALB I se inherente swakhede.

Die ontleding wys dus op die inherente problematiek om SALB II te wil meet aan die hand van SALB I. Laasgenoemde vaar in terme van die meting hier bo heeltemal te swak om as normatiewe model vir enige van die twee taalwettipes te kan dien.

#### 4. Die 2011-taalwetsontwerp (SALB II)

Die 2011-weergawe van die South African Languages Bill (RSA 2011b) is inderdaad 'n gewysigde vorm van sy voorganger met presies dieselfde titel (DAC 2003), soos (Lourens 2011) se nuttige geannoteerde vergelyking ook uitwys. Belangrike inhoudelike verskille kom voor, soos die reaksies op die taalwetsontwerp hierna sal aantoon, asook die ontleding wat volg.

Tans bestaan die wetsontwerp (wat, soos sy voorganger, ook net in Engels beskikbaar is) uit 15 artikels:

Aanhef (bl. 5)

1. Definisies (bl. 6)
2. Oogmerke van die Wet (bl. 6)
3. Toepassing van die Wet (bl. 6)
4. Taalbeleid (ble. 6–7)
5. Vestiging van 'n nasionale taaleenheid (bl. 7)
6. Funksies van die nasionale taaleenheid (bl. 7)
7. Vestiging van taaleenhede in nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale ondernemings (bl. 7)
8. Funksies van taaleenhede in nasionale departemente, nasionale eenhede en nasionale ondernemings (ble. 7–8)
9. Monitering van en verslagdoening oor amptelike taalgebruik (bl. 8)
10. Nakoming deur nasionale departemente, nasionale openbare ondernemings en nasionale openbare entiteite (bl. 8)
11. Jaarlikse verslagdoening aan die parlement (bl. 8)
12. Interregeringsforums oor amptelike taalgebruik (bl. 8)
13. Uitsonderings by die toepassing van artikel 7 (bl. 9)
14. Regulasies (bl. 9)
15. Kort titel en aanvangsdatum (bl. 9).

SALB II word vergesel van 'n volledige verklarende Memorandum (ble. 10–2). Onder meer word hierin beklemtoon dat die wetsontwerp geen finansiële implikasies inhou nie. Ook word implikasies vir provinsies aangeraak en word verdere prosedures vir die hantering van die beoogde taalwet uitgespel.

Ter aanloop van 'n ontleding van die 2011-taalwetsontwerp sal enkele reaksies daarop bespreek word. Hierdie reaksies raak belangrike inhoudelike aspekte aan wat nadere ontleding verg.

#### **4.1 Reaksies op die 2011-taalwetsontwerp**

Die reaksies wat hier betrekking het, volg die kabinet se bekendmaking gedurende Junie 2011 dat SALB II as taalwetsontwerp aanvaar is. Daar word veral vanuit Afrikaanssprekende geleedere gereageer, en soos ter inleiding vermeld is, kom die reaksies meestal skepties voor. Daar moet wel rekening gehou word met die feit dat die reaksies volg op die nie-amptelike weergawe van die wetsontwerp wat sedertdien (RSA 2011a) die rondte doen. Die verskille met die gepubliseerde weergawe (RSA 2011b) is egter gering genoeg om steeds kennis te neem van die reaksies.

Cerneels (Cornelus) Lourens self is een van die eerstes wat in die openbaar reageer. In 'n gerapporteerde onderhoud in *Die Burger* van 10 Julie 2011 verklaar hy: “Daar lê nog 'n lang pad voor voordat ons by 'n finale wet sal uitkom. ... Die konsepwet voldoen myns insiens nog nie aan die Grondwet se vereistes nie” (De Bruin 2011). Hy verwys hier uiteraard na die nasionale regering se grondwetlike verpligting in Artikel 6(4) van die Grondwet om deur wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale te reël en te monitor (RSA 1996a), maar ook sekerlik na die regter se bekragtiging hiervan (*Cornelus Johannes Alexander Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 2010f*). Lourens se kritiek hou grootliks verband met strukturele aspekte van die taalwetsontwerp, maar hy gaan nie in besonderhede in nie.

Jason Lloyd is volgende met 'n opiniestuk wat op 20 Julie 2011 op LitNet se meningsblad verskyn (Lloyd 2011a) en weer op 30 Julie 2011 in *Rapport* (Lloyd 2011b) herhaal word. Hy is eerder skepties oor die haalbaarheid van die wetsontwerp binne die konteks van oorweldigende verengelsing. Lloyd staaf sy mening met 'n behandeling van die problematiek van verengelsing in 'n land waar meertaligheid op grondvlak volgens hom eintlik die oorhand voer. Maar hy uiter darem ook 'n positiewe toon:

Ten spyte van al die struikelblokke op ons pad om ons 11 amptelike tale gelyke status [sic] te gee is die voorgestelde Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Tale [soos deur betrokke skrywer gebruik] die eerste stap in die rigting van 'n veeltalige samelewing in Suid-Afrika. Dit gee hoop. Alles kan mos nie net Engels wees nie. Veral gegewe die feit dat slegs 9 persent van ons bevolking Engels as huistaal beoefen. (Lloyd 2011a)

Lloyd beweeg dus weg van die fokus van die hofbevel en die nasionale regering se direkte grondwetlike verpligting en betrek 'n verwagting oor 'n meer oorkoepelende oogmerk met 'n

uiteindelike nasionale taalwet, naamlik die bevordering van meertaligheid. Dit is 'n breë verwagting wat meer dikwels gestel word, maar moeilik direk aan 'n duidelike grondwetlike opdrag verbind kan word. Hy bedoel waarskynlik die bevordering van geïnstitusionaliseerde meertaligheid, aangesien hy die bestaan van sosiale meertaligheid “op grondvlak” as 'n soort realiteit voorhou. Lloyd se beoordeling is ook struktureel van aard en bring beslis die bindingstaalkwessie as grondliggende beginsel te berde. Maar hy bring ook kontekstuele beginsels na vore met sy daadwerklike beklemtoning van staatsinmenging en sigbare verandering.

Ook F.W. de Klerk betree die gesprek tydens sy lewering van die vyfde Mathews Phosa Gedenklesing op 11 Augustus 2011 by die Afrikaanse Taalmuseum (Herman 2011). Hy neem die gesprek terug na die taalwetsontwerp se voldoening al dan nie aan die nasionale regering se nakoming van sy grondwetlike taalverpligting en ook na die nakoming al dan nie van die hofbevel. De Klerk bevind die betrokke wetsontwerp maak “ongelukkig vir die absolute minimum” voorsiening en ook dat nie uitvoering gegee word aan die hof se opdrag in die *Lourens*-saak nie (Herman 2011). Die “absolute minimum” waarna De Klerk verwys, kan op verskeie aspekte van die taalwetsontwerp betrekking hê, afhangende van watter verwagting daaraan gestel word. Enersyds kan die minimum verwagting van die gebruik van twee amptelike tale ter sprake wees en andersyds die wetsontwerp se redelik eng vertolking van die wetlike opdrag aan die nasionale regering. Dit kan verder ook betrekking hê op die relatiewe verswyging van burgerlike taalregte, soos reeds hier bo aangetoon. De Klerk se kritiek is ook grootliks struktureel van aard, maar bevat ongelukkig nie nadere besonderhede nie.

Twee prominente Afrikaanse organisasies, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) en die Afrikaanse Taalraad (ATR), betree op 13 Augustus 2011 die debat met 'n beraad waar die kwessie aangeroe word (vgl. Webb 2011). Hulle bring naamlik 'n aantal regsgeleerders, taalkenners en taalaktiviste in Centurion byeen om onder meer oor die betrokke taalwetsontwerp te besin. Twee verslae oor die geleentheid, wat op LitNet se Seminaarkamer gepubliseer is (LitNet 2011), bied insae in die betrokke denkrigtings wat na vore gekom het.

Jacques van der Elst, toe nog uitvoerende hoof van die SAAWK, rapporteer dat die betrokkenes gevoel het die wetsontwerp moet “oorgeskryf word en opnuut gemeet word aan die konsep wat in 2003 opgestel is” (Van der Elst 2011). SALB I word hier dus inderdaad normatief aangewend. Die beraadgangers se vergelyking van die twee weergawes bring hulle volgens Van der Elst tot die gevolgtrekking dat “die 2011-weergawe van die talewet [sic] ernstige gebreke bevat en dat dit 'n holderstebolder legalistiese eerbiediging is van die hofbevel wat die Staat nog maar tot 15 Maart 2012 kans gee om sy taalsake in orde te kry”. Dit is veral die afwesigheid van belangrike definisies, beginsels en duidelike maatreëls (skynbaar in 'n groter mate aanwesig in SALB I) wat hinder. Die betrokkenes voel volgens Van der Elst dat die 2011-taalwetsontwerp “eintlik 'n blanko tjek aan die regering [verskaf] om byna onbelemmerd met die daaglikse praktyk van die bevordering van eentaligheid” voort te beur en dat versoenende elemente eintlik afwesig is. Die “regslui en ander



akademici” betrokke by hierdie besinning stel dus duidelik groter eise aan ’n uiteindelijke taalwet as wat skynbaar deur die staat voorsien word (Van der Elst 2011).

In sy verslag oor die Centurion-beraad merk Webb (2011) in dieselfde trant op: “Dis duidelik dat daar etlike probleme is met die hersiene SA Talewet [sic].” Hy argumenteer dat ’n taalwet in ’n land soos Suid-Afrika inderdaad nodig is, omdat dit kan help om taalsake van bo af te bestuur, wat weer noodsaaklik is om ’n grondwetlike demokrasie te help ontwikkel “met respek en waardering vir andershede en die vermoë om op sinvolle wyse saam te leef met ‘die ander’”. Hy bepleit egter ook ’n van-onder-na-bo-benadering, met ander woorde dat die burgerlike samelewing nie net op ’n taalwet moet staatmaak om hierdie soort ideale, en meer spesifiek hulle taalideale, te realiseer nie.

Die Centurion-beraad hanteer ook strukturele tekortkominge by die 2011-taalwetsontwerp, maar bring beslis ook die kontekstuele beginsels baie sterker na die voorgrond. Dit merk ’n mens veral op in die verwysing na wat as ’n wettiese benadering beskou word. Veral die noodsaak van sigbare verandering en die bou van konsensus word as belangrike kontekstuele beginsels uitgelig, en die kwessie van staatsintervensie word ook onder die soeklig geplaas.

’n Opiniestuk deur adv. Jacques du Preez van die F.W. de Klerk Stigting wat op 18 Augustus 2011 op die F.W. de Klerk Stigting se webblad gepubliseer is, bied inderdaad ’n beredeneerde vergelyking tussen die twee weergawes van die wetsontwerp (Du Preez 2011). Die skrywer bied sy vergelyking vanuit ’n regsoogpunt aan en betoog dat SALB I meer prakties van aard was. SALB II “is not and does no more than to provide a rigid and legalistic document to satisfy the High Court order handed down in the Lourens-matter” (Du Preez 2011). Volgens hom doen die 2011-weergawe nie genoeg om die taalbepalings van die Grondwet te bevorder nie. Een van sy hoofredes van kritiek is dat SALB I meertaligheid bevorder terwyl SALB II tweetaligheid vestig, ’n stap wat volgens die skrywer ongrondwetlik is. Hy bevind origins dat SALB II afgewater is, “which will not satisfy nor serve South Africa’s diverse multilingual democracy effectively nor provide the practical answers to South Africa’s wide array of linguistic challenges” (Du Preez 2011). Ook sy ontleding steun swaarder op die belang van kontekstuele beginsels by die beoordeling van ’n taalwetsontwerp soos SALB II.

Dave Steward, uitvoerende direkteur van die F.W. de Klerk Stigting, se vergelyking lei hom tot dieselfde gevolgtrekking as dié van sy kollega. In ’n opiniestuk van 19 Augustus 2011 wat op *Maroela Media* se *Dié Groot Debat* verskyn, beaam hy die taalwetsontwerp “doen egter die skrale minimum om aan die vereistes van die Hof te voldoen – en maak minder voorsiening vir die bevordering van egte veeltaligheid as die 2003 Wetsontwerp” (Steward 2011). Hy beklemtoon egter in ’n positiewe trant die geleentheid wat die 2011-wetsontwerp bied vir openbare deelname en doen ’n aantal duidelike voorstelle ter verbetering aan die hand, onder meer met betrekking tot die hantering van die tweetal-vereiste, aansporings om tweetaligheid op veral provinsiale vlak te bevorder, die in ooreenstemming bring van die onderwysbepalings oor taal met die wetsontwerp asook met reëlins oor taalgebruik in die howe, die versterking van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat), ensovoorts. Van al die ontledings tot hiertoe is Steward s’n die omvattendste wat betref die oorweging van

strukturele beginsels. Veral die klem wat hy laat val op beleidsooreenstemming wat betref ampstaalgebruik, is insiggewend.

Christo van der Rheede, in daardie stadium uitvoerende hoof van die Stigting vir Bemagtiging in Afrikaans, voeg by 'n Kaapse taalberaad (die XhosAfrika Network Conference) van 26–27 Augustus 2011 sy stem by die kritiek oor die 2011-taalwetsontwerp. In sy voordrag, wat op LitNet se Taaldebat / Language Debate-ruimte verskyn, verwys hy na “die staat se patetiese herverpakking van die wetsontwerp” wat veel te wense oorlaat. Hy baseer hierdie uitspraak op sy vergelyking tussen die twee dokumente.

Die eerste weergawe beklemtoon volgens hom die rol van taal as 'n instaatstellende instrument wat die bevordering van wedersydse respek, sosiale geregtigheid, gelyke toegang tot openbare dienste en programme en erkenning van diversiteit vooropstel. Daarteenoor is die 2011-weergawe wat mettertyd deur die parlement goedgekeur moet word, afgewater tot 'n regulatoriese instrument wat slegs monitering ten doel het (Van der Rheede 2011),

Hy bevind dus dat SALB II as taalwetsontwerp faal omdat “'n goue geleentheid om wetgewing daar te stel wat die staat kan help om effektief uitvoering te gee aan al die taalklousules soos vervat in die nasionale Grondwet” gemis gaan word (Van der Rheede 2011). Van der Rheede maak dus 'n baie direkte koppeling tussen “weldeurdagte wetgewing wat die waardes en ideale soos vervat in ons Nasionale Grondwet vooropstel” en die realisering van sosiale geregtigheid (Van der Rheede 2011). Sy kritiek gaan hoofsaaklik uit van die belang van konsensus oor die grondliggende beginsels van die 2011-wetsontwerp, 'n leemte wat ook in die ontleding hier bo uitgelig word.

So aktueel word die debat dat LitNet op 1 September 2011 'n nuwe miniseminaar daarvoor loods onder die titel “Die nuwe Wetsontwerp op SA Tale” (LitNet 2011). Heelwat van die bydraes tot hiertoe vermeld, is in hierdie seminaar opgeneem.

Die kritiek hier bo op die 2011-taalwetsontwerp kan in terme van die tipologie van taalwetgewing aan die hand van beide strukturele en kontekstuele beginsels opgesom word.

Ontleders vind by implikasie dat SALB II struktureel tekort skiet wat betref *grondliggende beginsels*. Dit is veral die bindingstaalvraagstuk en aard van amptelikheid wat kwel. Ontleders soek 'n breër opvatting oor die eintlike onderwerp van die beoogde taalwet, een wat die staat se verantwoordelikheid oor die ampstale minder eng vertolk (Herman 2011; Du Preez 2011; Van der Elst 2011; Van der Rheede 2011). Ook soek hulle groter konsensus oor wat die taalideale van Suid-Afrikaanse burgers is en hoe dit in die oogmerke van die taalwetsontwerp neerslag moet vind, wat onder meer 'n verbintenis tot amptelike meertaligheid insluit (Lloyd 2011a; Webb 2011; Van der Rheede 2011).

Wat betref *domeinbepalende beginsels* skiet die 2011-wetsontwerp wat hulle betref ook tekort, omdat dit nie net onvoldoende beleidsooreenstemming bewerkstellig nie, maar ook onder meer wat betref taalbepalings in geproklameerde taalwette, asook taalgebruik in ander amptelike domeine (Du Preez 2011; Steward 2011).

Ook wat betref *regsinstrumentele* beginsels word leemtes uitgewys, onder meer met betrekking tot die onderbeklemtoonde rol van Pansat (Steward 2011), die seggingskrag van die taalwetsontwerp (alle reaksies) en die afbakening van taalregte (Herman 2011).

Dit is opmerklik dat die betrokke ontleders se kritiek verder as strukturele aspekte gaan: hulle betrek ook die belang van kontekstuele beginsels by hulle beoordeling van die taalwetsontwerp. Beide beginsels by beplanning en implementering word betrek. Wat *beplanning* betref, wys ontleders op die noodsaak van staatsinmenging by die teenwerk van 'n eentalige staatsbestel (Lloyd 2011a; Van der Elst 2011; Van der Rheede 2011) en op die rol van die tydsfaktor by taalbeplanning (Webb 2011). Wat *implementering* betref, kom die noodsaak van sigbare verandering ter sprake (Lloyd 2011a; Webb 2011; Van der Rheede 2011), asook die noodsaak van die bou van ooreenstemming oor wat Suid-Afrika met die 2011-taalbedeling wil bereik (alle reaksies).

Al kom die kommentaar van die betrokke ontleders op die oog af skepties voor, kan 'n sistematiese ontleding soos wat hier gemaak is, help om die kritiek konstruktief te takseer. Soos Steward inderdaad aan die hand doen: SALB II sê " 'n gulde geleentheid vir belanghebbendes om voorstelle aan die parlement te maak wat beslag sal gee aan die taalvisie in artikel 6 van die Grondwet" (Steward 2011). Sy eie voorstelle ter verbetering is in beginsel verdedigbaar en konstruktief.

## 5. SALB II as taalwetsontwerp

Soos uit die reaksies op die 2011-taalwetsontwerp blyk, gaan ontleders hoofsaaklik vergelykend te werk in hulle beoordeling van SALB II. Twee van die volledigste vergelykings wat tot nou toe gepubliseer is, dié van Du Preez (2011) en Lourens (2011), sal vervolgens behandel word.

Du Preez (2011) se vergelyking gaan uit van die vertrekpunt dat 'n nasionale taalwet die taalbepalings van die Grondwet behoort te bevorder. Hy illustreer dan dat SALB II dit wel deur die volgende doen:

- Sought to promote South Africa's linguistic diversity by encouraging respect for language rights.
- Promoted multilingualism (and this is exactly what section 6(4) of the constitution sought).
- Promoted equitable use of all official languages of South Africa.
- Would have better enabled all South Africans to use the official languages of their choice.
- Provided for a regulatory framework to facilitate the effective implementation of the constitutional obligations concerning multilingualism.

Volgens Du Preez is SALB II oorwegend beter wat betref die bewoording van kernbeginsels: meertaligheid as nasionale ideaal (al word dit nie meer konkreet gestel nie) en

keuse van ampstaalgebruik (wat ook nie meer konkreet gestel word nie). Hy vind dat SALB II by implikasie nie hierdie beginsels in dieselfde mate realiseer nie.

Uit sy vergelyking lei ons af dat wat as die onderwerp van 'n taalwet beskou kan word, in die twee gevalle drasties verskil. By SALB I was dit meer ambisieus asook meer omvattend as by SALB II. Du Preez (2011) se vergelyking begin in werklikheid daarop dui dat ons hier waarskynlik met twee verskillende taalwettipes te make het.

Hierdie gedagte word versterk deur nog 'n aantal opvallende tekortkominge wat Du Preez (2011) by SALB II identifiseer (in vergelyking met SALB I). SALB II kom kort aan die volgende (wat wel by SALB I aanwesig was):

- A well set out clause containing the objects of the bill entrenching the concept of multilingualism.
- A praiseworthy and practical set of guiding principles for when the bill (Act) was to be interpreted enshrining linguistic diversity in pursuance of the Constitution.
- A language policy clause providing for the implementation of all eleven official languages on a rotational basis, thus giving practical effect to the “parity of esteem” and “equitable treatment” of all official languages.
- The provision for language units with a wide array of powers and functions, including reporting to Parliament and streamlined co-operation with the PanSALB.
- Development of all South African languages as required by the Constitution.
- A centralized and decisive role to be played by the PanSALB also enunciated in the Constitution.
- A remedies clause setting out in unambiguous terms the remedies available to an aggrieved party in a language issue/dispute arising from the Bill.

Du Preez (2011) betrek hier by implikasie *grondliggende beginsels* (in die eerste twee punte en die vyfde punt) van taalwetgewing, maar ook *domeinbepalende beginsels* (die rotasiestelsel in die derde punt) en *regsinstrumentele beginsels* (die vierde, sesde en sewende punte).

Indien die hipotese korrek is dat die aard van die taalwetsontwerp inderdaad fundamenteel verander het, kan 'n mens begin verstaan waarom daar aan sommige van die beginsels verander is. Die inherente verskille tussen institusionele en normaliserende taalwettipes wat vroeër behandel is, kan juis toegeskryf word aan die mate van aanwesigheid van die drie stelle beginsels. 'n Verdere ontleding sal meer lig hierop kan werp.

Lourens (2011) se vergelyking is meer tegnies van aard. Hy doen letterlik 'n klousule-per-klousule-vergelyking om uit te wys waar SALB II “afwyk” van SALB I. Hierdie vergelyking kom dus grootliks (maar in meer besonderhede) ooreen met wat dié van Du Preez (2011). Lourens se oogmerk met die betrokke vergelyking is om regstegniese gronde te vind “ter verbetering” van SALB II. Omdat Du Preez se ontleding reeds suggereer dat ons hier moontlik met inherent verskillende taalwetsontwerpe te make het, kan nou gevra word of so 'n klousule-per-klousule-vergelyking uiteindelik nuttig en selfs billik is. Reeds net 'n oorsigtelike beskouing van die twee wetsontwerpe se oogmerke versterk die hipotese verder

dat ons hier waarskynlik nie met gelykwaardige taalwettipes te make het nie, wat eintlik al 'n basis bied vir beide Du Preez (2011) en Lourens (2011) se onvergenoegdheid.

Tabel 3 bevat so 'n letterlike vergelyking van die wetsoogmerke.

**Tabel 3. 'n Vergelyking van die oogmerke van SALB I en SALB II**

Oogmerke SALB I	Oogmerke SALB II
The objects of this Act are -	The objects in this Act are -
(a) to give effect to the letter and spirit of section 6 of the Constitution;	(a) to regulate and monitor the use of official languages for government purposes by national government;
(b) to promote the equitable use of the official languages of South Africa;	(b) to promote parity of esteem and equitable treatment of the national languages of the Republic;
(c) to enable all South Africans to use the official languages of their choice as a matter of right within the range of contexts contemplated in this Act, with a view to ensuring equal access to government services and programmes, to education, and to knowledge and information;	(c) to facilitate equitable access to the services and information of national government; and
(d) to provide for a regulatory framework to facilitate the effective implementation of the constitutional obligations concerning multilingualism.	(d) to promote good language management by national government for efficient public service administration and to meet the needs of members of the public.

In vergelyking met die oogmerke van SALB I is dié van SALB II ooglopend meer afgebaken en duidelik en het hulle pertinenter betrekking op die nasionale regering se grondwetlike taalverpligtinge. Die oogmerke van SALB I is opvallend breër, maar beslis ook vaer en daarom ook moeiliker afbakenbaar. Veral bepalings soos “to give effect to the letter and spirit of section 6” en “the effective implementation of the constitutional obligations concerning multilingualism” is moeilik herleibaar na konkrete grondwetlike verpligtinge. Dit is die tipe bewoording wat voortvloei uit die idealistiese diskoers oor taal in Suid-Afrika wat direk ná 1994 gevoer is en wat teruggevind kan word in die tipiese taalbeleidsdokumente uit daardie era. SALB I se bewoording reflekteer beslis die ideale rondom die realisering van taalregte wat in daardie tyd gekoester is (vgl. Sachs 1994). Ons merk dit in 'n tipiese frase soos “to use the official languages of their choice as a matter of right”. SALB I probeer die ideale van die negentigerjare van die vorige eeu konkretiseer en om aan die verwagtinge daarvan te voldoen. Kortom, SALB I poog inderdaad om uiteindelik 'n nasionale taalwet te word. Daarom word die grondwetlike opdrag aan die nasionale regering oor sy regulering en monitering van sy gebruik van die amptelike tale deur middel van wetlike en ander maatreëls baie wyd deur die wetsopstellers van SALB I vertolk. Waarskynlik het hulle ander

soortgelyke nasionale taalwettipes soos Indië se The Official Languages Act (Republic of India 1963), Kanada se Official Languages Act (Department of Justice, Canada 1985) en Ierland se Official Languages Act (Republic of Ireland 2003) as modelle voorgewou.

In vergelyking hiermee is SALB II se oogmerke baie meer sober en doelgerig. Die wetsopstellers vertolk nie meer die verpligting wat artikel 6(4) van die Grondwet oplê as 'n opdrag oor 'n nasionale taalwet nie. Hulle steun hierin waarskynlik swaar op regter Du Plessis se gevolgtrekking omtrent taalwetgewing wat ter aanvang aangehaal is.

SALB II beweeg waarskynlik in die lig hiervan weg van die ideaal van 'n nasionale taalwet tipe en beoog 'n andersoortige taalwet wat ons eerder 'n administratiewe taalreëling of taalskema behoort te noem. Wat karakter betref, is dit die soort taalwetgewing wat eerder vergelyk moet word met Wallis se Language Schemes of sy Language Measure, 'n taalreëling wat in die tweede deel van die Welsh Language Act (Parliament of the United Kingdom 1993) voorsien word. Ingevolge artikel 5 van die betrokke taalwet word 'n staatsinstelling wat met die Walliese publiek werk, verplig tot 'n gepubliseerde "scheme specifying the measures which it proposes to take [...] as to the use of the Welsh language in connection with the provision of those services". Die taalskema van die Walliese parlement is 'n goeie voorbeeld van so 'n meganisme (Welsh Assembly Government 2007).

Ontleders soos Du Preez (2011) en Lourens (2011) en die ander skrywers hier bo se onvergenoegdheid met SALB II is begryplik indien 'n nasionale taalwet voor oë gehou word. Uiteraard sal hulle kritiek en voorstelle ter verbetering ook hierdie model nastreef. Ongelukkig verreken so 'n vergelyking nie die inherente verskille tussen institusionaliserende en normaliserende taalwettipes nie, en ook nie die onderlinge verskille binne elkeen van die twee tipes nie. Ook verreken so 'n benadering nie die moontlikheid nie dat SALB II 'n administratiewe taalwet tipe is wat eerder met 'n taalskema ooreenkom en wat dan as sodanig beoordeel behoort te word.

Soos in die geval van die vroeëre beoordeling van SALB I in hierdie artikel kan 'n prinsipiële beoordeling aan die hand van die generiese beginsels van taalwetgewing die slaggate van 'n normatiewe vergelyking vermy en uiteindelik 'n kontroleerbaarder vergelykingsbasis skep.

### **5.1 Grondbeginsels in SALB II**

Van die drie grondbeginsels by taalwetgewing is slegs die onderwerp-van-die-wet-beginsel konkreet in SALB II aanwesig. Anders as in die geval van SALB I kom geen direkte bepalings voor wat met die proklameringsbeginsel verbind kan word nie. Ook die bindingstaalbeginsel is afwesig en kan nie met direkte verbandhoudende bepalings verbind word nie. Dit gee reeds 'n vroeë aanduiding dat SALB II in hierdie opsig soos WLA, 'n normaliserende taalwet tipe met 'n baie pertinente opdrag, vergelyk behoort te word. In terme van SALB II se oogmerke, wat met die onderwerp-van-die-wet-beginsel verbind kan word, lyk die bedoeling met SALB II egter meer institusionaliserend van aard. Die betrokke beginsel is aanwesig in vier bepalings in Artikel 2 van die taalwetsontwerp, asook in Artikel 4. Artikel 2 spel die oogmerke met die wetsontwerp uit. SALB II beoog:

- (a) to regulate and monitor the use of official languages by the national government for government purposes;
- (b) to promote parity of esteem and equitable treatment of the official languages of the Republic;
- (c) to facilitate equitable access to the services and information of the national government; and
- (d) to promote good language management by the national government for efficient public service administration and to meet the needs of the public.

Drie van hierdie oogmerke hou pertinent verband met die uitvoering van die nasionale regering se grondwetlike ampstaalverpligting en is relatief bondig van aard, maar steeds nie direk en duidelik nie. Tegnies beskou, vestig hierdie oogmerke die taalwetsontwerp as 'n institusionaliserende taalwettipe – hulle is gerig op die nasionale regering se bestuur van 'n meertalige ampstaalbestel.

Meer spesifieke oogmerke kom egter wel in Artikel 4 voor. In Artikel 4(1) is die opdrag aan die nasionale regering ietwat helderder: om binne 18 maande vanaf die inwerkingtreding van die taalwetsontwerp 'n taalbeleid oor sy gebruik van amptelike tale te aanvaar. Artikel 4(2) bevat verdere aanwysings, soos dat minstens twee amptelike tale gebruik sal word, dat die beleid onder meer bepalings oor kommunikasie met die publiek sal bevat, ensovoorts. Nietemin skram die bepalings daarvan weg om voorskrifteliker te word oor byvoorbeeld hoe om die aangewese ampstale te kies, 'n keuse wat in hierdie stadium nog vanweë die vaagheid van die grondwetlike opdrag hieromtrent 'n ernstige beleidsdilemma is. In vergelyking met ander institusionaliserende taalwettipes, soos OLA en Ks, wat baie konkreter bepalings oor die onderwerp van die taalwet bevat, skiet SALB II dus in hierdie opsig beslis te kort.

Die oorblywende (tweede) oogmerk van Artikel 2 is ook institusionaliserend van aard, omdat dit op die ampstaalbestel as sodanig betrekking het, maar is selfs vaer as die ander drie wat eerder behandel is. Artikel 6(1)(a)(iii) herhaal hierdie oogmerk sonder om noodwendig daarop uit te brei, maar Artikel 8(f) konsolideer dit wel ietwat verder en maak dit die taak van die beoogde Taaleenhede om die betrokke oogmerk te help realiseer.

Bepalings van SALB II wat aan die grondbeginsels van taalwetgewing verbind kan word, word dus grootliks in die vorm van doelstellings en ideale geformuleer. Dit bring mee dat die aard van die nuwe taalbestel wat deur die Grondwet in die vooruitsig gestel word, steeds agterweë bly.

Dit lyk dus asof SALB II 'n poging is tot 'n direkte antwoord op, en 'n tegniese nakoming van, regter Du Plessis se opdrag. Daarom word die rol van die nasionale regering as sodanig beklemtoon en kan SALB II dus in werklikheid as 'n administratiewe taalwettipe eerder as 'n meer ambisieuse nasionale taalwettipe beskou word. Artikel 4 van die taalwetsontwerp, wat 'n spesifieke taalbeleidsopdrag aan die nasionale regering gee, is 'n bevestiging hiervan – wat van belang is, is dat sigbaar uitvoering gegee moet word aan die regter se opdrag om sodoende 'n aanduiding te kan gee dat erns gemaak word met die regering se grondwetlike taalmandaat. Daarom slaag SALB II nie daarin om nasionale ampstaligheid as sodanig in meer bondige terme te omskryf nie en ook nie om nasionale ampstaligheid aan die

nasiebouoogmerk in die aanhef tot die Grondwet te verbind nie. Hierdie twee beginsels het direkter betrekking op 'n nasionale taalwet tipe as op 'n beperkte administratiewe taalwet tipe, of eerder 'n regeringstaalskema. Om hierdie redes word dus 'n lae telling toegeken wat betref die aanwesigheid van grondbeginsels van taalwetgewing by SALB II (sien Tabel 4).

SALB II skiet daarom ook as promoverende taalwet tipe te kort. Anders as Clf en WLA spel SALB II nie spesifieke taalpromoveringsoogmerke uit nie, veral nie met betrekking tot die amptelike tale wat histories benadeel is nie, hoofsaaklik omdat dit, soos 'n taalskema, 'n stuk administratief-georiënteerde taalwetgewing beoog.

### ***5.2 Domeinbepalende beginsels in SALB II***

SALB II vaar ook nie goed wat betref die aanwesigheid van domeinbepalende beginsels nie. Nie een van die drie kerndomeinbepalende beginsels is pertinent aanwesig nie. Normatiewe taalwet tipes soos Clf en WLA bevat ten minste bepalings oor kommunikasie met die publiek. Daar word wel sydelings in Artikel 4(2)(c), en Artikel 4(2)(d) verwys na die noodsaak van (uiteindelike) taalbeleidsbepalings oor kommunikasie met die publiek. Soos by die bepalings hier bo is die taal van die betrokke bepalings idealisties van aard.

Hierdie leemte dien as verdere getuienis dat ons hier selfs nie eens met 'n normatiewe taalwet tipe te make het nie. Die lae telling in die kategorie domeinbepalende beginsels moet in die lig van die voorgaande eintlik as 'n kompliment beskou word, maar word nietemin toegeken omdat daar wel getuienis bestaan dat die wetsopsteller bewus is van die belang van taalvoorskrifte oor kommunikasie met die publiek. Die taalbeleid wat met Artikel 4 in die vooruitsig gestel word, mag hierdie beginsel dalk uiteindelik duideliker laat realiseer.

### ***5.3 Regsinstrumentele beginsels in SALB II***

Die een opsig waarin SALB II wel goed presteer, is die aanwesigheid van regsinstrumentele beginsels. Dit is veral opmerklik in die verskeidenheid instrumente wat in die vooruitsig gestel word – 'n noodsaaklike element by die daarstel van 'n nuwe taalbestel. Ses hoof tipes instrumente word voorsien: Taaleenhede (Artikels 5–8); Monitering van ampstaalgebruik (Artikel 9); Openbare Verslagdoening (Artikel 11); Intraregeringsforums oor ampstaalgebruik (Artikel 12); en Regulasies (Artikel 14). Die skep van 'n taalklagtemeganisme wat in Artikel 4(2)(f) vermeld word, sou as 'n sesde instrument gereken kon word, maar word nie soos die ander onder 'n aparte opskrif behandel nie. Geen verdere bepalings word omtrent hierdie instrument gegee nie.

Die vestiging van Taaleenhede vorm die kernelement van SALB II. Twee tipes word voorsien: 'n Nasionale Taaleenheid (gevestig in die taallynfunksiedepartement) en Taaleenhede in die reeds vermeldde drie nasionale instansies: nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale ondernemings. Eersgenoemde se primêre funksie is adviserend van aard met betrekking tot die lynfunksieminister se mandaat (Artikel 6(1)(a)). Laasgenoemde is adviserend met betrekking tot die rekenpligtige beampte in elkeen van die drie instellings (Artikel 8(a)). Die Taaleenhede kry egter ook 'n moniterende funksie (Artikel



8(b), (c)); moet verslae aan die lynfunksie-minister saamstel (Artikel 8(d)); en moet oor die algemeen met taalbevordering gemoeid wees (Artikel 8(e), (f)). Die Nasionale Taaleenheid het dieselfde verantwoordelikhede, maar slegs met betrekking tot die lynfunksiedepartement (Artikel 8(d)).

Monitering is 'n tweede instrument wat voorsien word. Benewens die monitering waarvoor die Nasionale Taaleenheid en afsonderlike Taaleenhede verantwoordelik is, word in die eerste plek van die minister self verwag om monitering te doen (Artikel 9(1)). Dit word uiteraard gedoen deur middel van die twee tipes taaleenhede. Ter ondersteuning van monitering verkry die Nasionale Eenheid egter ook die mag om die kabinet te versoek om in te gryp waar een van die gemelde drie nasionale regeringsinstansies in gebreke bly om die taalwetsontwerp na te kom (Artikel 10). Monitering word bykomend ook gedoen deur middel van verslagdoening. Elkeen van die drie nasionale instansies moet jaarliks aan die betrokke minister verslag doen oor die aktiwiteite van sy betrokke taaleenheid, oor die implementering van sy taalbeleid, oor enige klagtes wat ontvang is en hoe daarmee te werk gegaan is, en oor enige ander kwessies wat die minister per regulasie mag voorskryf (Artikel 9(2)(a)–(d)).

Verslagdoening hou ook in dat die minister die vorm en inhoud van die vermelde jaarverslae per regulasie mag voorskryf, asook tydsraamwerke daarvoor mag bepaal (Artikel 9(3)). Verslagdoening hou verder in dat die lynfunksie-minister jaarliks 'n verslag aan die parlement sal voorlê oor die status van die nasionale regering se gebruik van die amptelike tale vir die doeleindes van regering (Artikel 11).

Die minister mag ook intraregeringsforums vestig om koördinerende, samewerking en konsultasie tussen die nasionale instansies te bewerkstellig, asook om die implementering van hulle taalbeleid te koördineer, te belyn en te monitor (Artikel 12(1)(a)). Die minister verkry ook magte om hierdie forums se samestelling te bepaal, hulle verwysingsraamwerk vas te lê, hul vergaderings uit te roep en enige ander sake met betrekking tot hul effektiewe funksionering te reël (Artikel 12(1)(b)).

In samewerking met Pansat mag die minister ook regulasies uitvaardig met betrekking tot die vorm en inhoud van taalbeleide (Artikel 14(1)(a)), die tydsraamwerk vir die vestiging van die twee tipes taaleenhede (Artikel 14(1)(b)), asook enige ander sake wat kragtens die taalwetsontwerp gereguleer word. ((Artikel 14(1)(e)-(f)). Die minister moet wel voordat die regulasies gemaak word, dit as voorstelle in die *Staatskoerant* vir openbare kommentaar publiseer, 30 dae vir kommentaar toelaat en die kommentaar oorweeg (Artikel 14(2)).

Al hierdie bepalings bevat 'n positiewe element met betrekking tot die hoofmerke van die taalwetsontwerp. Artikel 13 (Uitsonderings), bevat egter wat sommige as negatiewe elemente sou kon beskou. Voorsiening word gemaak dat die minister vrystelling kan verleen aan nasionale instansies om Taaleenhede op te rig, mits 'n skriftelike verzoek volgens die minister se voorskrifte gerig word en mits so 'n instansie die take van die Taaleenheid aan 'n senior amptenaar oordra. Daar word wel effektief voorsiening gemaak vir 'n alternatiewe vorm van monitering. In beginsel word die instrumentele rol wat 'n Taaleenheid in so 'n geval sou gespeel het, dus nie laat vaar nie.

Dis opvallend dat al hierdie instrumente betrekking het op die nasionale regering se taalverpligtinge. Die laaste instrument, klagtelegging, is een wat meer bepaald op die landsburgers betrekking kan hê. Soos vermeld, word dit onder twee subartikels behandel: Artikel 4(2)(f) en Artikel 9(2)(c). Alhoewel dit 'n uiters belangrike bepaling is vir doeleindes van die publiek, word dit nie as 'n afsonderlike hoofartikel behandel nie. Dit bevestig die hoofmerk met die taalwetsontwerp om 'n raamwerk te skep vir die nakoming van die nasionale regering se grondwetlike taalverpligtinge. Die wetsontwerp stel dus nie in die eerste plek 'n raamwerk vir die realisering van burgerlike taalregte in die vooruitsig nie, juis omdat dit nie voorgee om 'n nasionale taalwetlike te wees nie. Vandaar dat klagtelegging nie prominent as instrument voorkom nie en dat ook nie meer besonderhede oor prosedures ensovoorts gegee word nie.

Oorwegend beskou, realiseer SALB II inderdaad die beginsel van 'n verskeidenheid regsinstrumente. Wat die beginsel van seggingskrag van regsinstrumente betref, vaar SALB II ook relatief goed. Heelwat mag word aan die lynfunksie-minister toegeken deur middel van die mandaat met betrekking tot die uitreik van regulasies (Artikel 14). Ook opvallend is die nakomingsopdrag wat in Artikel 10 gegee word en die mag wat in hierdie opsig aan die kabinet toegeken word. Van groter belang is egter die feit dat verslag aan die parlement oor die realisering van die nasionale regering se taalmandaat op 'n vaste basis gedoen moet word.

Die sentralisering van mag in die lynfunksie-minister en -departement kan egter ook as 'n probleem geïdentifiseer word. Dit maak van die minister spreekwoordelik tegelykertyd speler en skeidsregter. Daarom is dit moeilik om te verklaar waarom Pansat as outonome, statutêre liggaam nie eerder hierdie funksies opgedra word nie. So iets sou verligting kon bring vir die moeilike posisie waarin die minister hom/haar sou kon bevind. Ook die mag wat aan die kabinet toegeken word, kan problematies word. Die kabinet se rol by die onttrekking van SALB I aan die wetgewende proses is nie juis gerusstellend wat toekomstige taalbestuursinisiatiewe betref nie.

Die afbakening-van-taalregte-beginsel, die derde regsinstrumentele beginsel, is afwesig. Waar SALB I nog bepalings hieromtrent bevat het, verswyg SALB II dit, buiten die enkele indirekte verwysings na klagtelegging.

Tabel 4 toon die resultate van die meting wat volg uit die voorgaande ontleding aan die hand van die beginsels van taalwetgewing. Dit word vergelykend naas die metingsresultate vir SALB I aangebied.

So 'n vergelyking stel ons in staat om die strukturele verskille tussen die twee weergawes van die wetsontwerp te kan blootlê.

**Tabel 4. 'n Vergelyking van SALB I en SALB II aan die hand van die metingskema by die oorweging van die sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing**

Beginsels		SALB I	SALB II
Grondliggend	Proklamering van ampstaal	3	0
	Hantering van bindingstaalvraagstuk	3	0
	Onderwerp van die taalwet	5	3
Domeinbepalend	Kommunikasie met burgery	3	3
	Taal van onderrig	0	0
	Linguistiese aspekte van burgerskap	0	0
Regsinstrumenteel	Verskeidenheid	5	5
	Seggingskrag	5	5
	Afbakening van taalregte	3	0
<b>Totaal</b>		<b>27</b>	<b>16</b>

Dit is opvallend dat ingrypende verskuiwings by SALB II voorkom. Die aard van die vergelyking maak dit egter nou moontlik om die vinger te lê op die basis vir die verskille eerder as om 'n waarde-oordeel daaroor te fel. Uiteindelik is slegs 35,6 persent (16/45) van die taalwetgewende beginsels by die huidige taalwetsontwerp aanwesig, teenoor die 60 persent wat nog by SALB I teenwoordig was. Hierdie onnoemenswaardige telling bevestig bo alle twyfel dat SALB II allermins as nasionale taalwettipe beoordeel behoort te word en dat die betrokke wetgewing inderdaad eerder as 'n soort taalskema getakseer moet word. 'n Ontleding van SALB II as nasionale taalwettipe, en daarbenewens opgeweg teen SALB I, kan 'n mens op die verkeerde spoor plaas en uiteindelik ook kontraproduktief word. So word die leemtes van SALB II as taalskematipe nie blootgelê nie. Indien die wetsopsteller wel 'n nasionale taalwet oorweeg, lê die vergelyking aan die ander kant verskeie grondliggende tekortkominge bloot wat van waarde kan wees.

## 6. Slotsom

Die oogmerk met hierdie artikel was om vas te stel of die Oktober 2011-weergawe van SALB II inderdaad as nasionale taalwettipe beoordeel kan word soos wat heelwat ontleders geneig is om te doen. Om hierdie vraag te kon beantwoord, is stilgestaan by 'n aantal kernbeginsels van taalwetgewing aan die hand waarvan taalwetgewing as institusionaliserend of

normaliserend geklassifiseer kan word. Die inherente verskille tussen hierdie twee hooftipes is behandel aan die hand van vier taalwetmodelle (taalwettipes) en 'n meetinstrument is ontwikkel wat die ontleding van taalwetgewing op 'n generiese basis kan vergemaklik. 'n Beoordeling is toe gemaak van die twee Suid-Afrikaanse taalwetsontwerpe ter hande, SALB I en SALB II, aan die hand van hierdie skema. Een van die belangrike perspektiewe wat hierdie beoordeling na vore gebring het, is die belang van 'n groter-waarde-benadering waar nie normatief te werk gegaan word nie. 'n Ontleding van enkele reaksies uit Afrikaanse oord op SALB II het die probleme met so 'n normatiewe benadering uitgewys en die noodsaak van 'n andersoortige ontleding bevestig.

Die moontlike wins van die benadering wat hier voorgelê word, is dat beter gekonsentreer kan word op die inherente eienskappe van SALB II as wetlike meganisme by die regulering van Suid-Afrika se ampstaalbestel binne die nasionale regering, met ander woorde as 'n soort taalskema. So kan 'n konstruktiewer debat gevoer word oor die mate waarin SALB II as taalskema kan slaag, met ander woorde as 'n stuk taalwetgewing met opvallend beperkter oogmerke as dié van 'n nasionale taalwet. Dit is 'n benadering wat nie noodwendig die belang van 'n uiteindelijke nasionale taalwet onderskat nie. Intendeel, 'n saak sou steeds uitgemaak kon word dat Suid-Afrika 'n institusionaliserende taalwettipe benodig om die ampstaalbestel op nasionale vlak te rig, of andersins 'n normaliserende taalwet om die posisie van die histories ingekorte ampstaal te verbeter. Maar voorlopig beskou, is die Oktober 2011-weergawe van SALB II 'n belangrike stap om die nasionale regering as sodanig tot ten minste amptelike tweetaligheid (en sedert SALB II.1 en SALB II.2 nou amptelike drietaligheid) te verbind, 'n verbintenis wat tot nou toe nie gerealiseer het nie. Verdere stappe kan mettertyd volg en meer gespesifiseerde taalskemas ontwikkel word om 'n groter mate van implementering te bewerkstellig. 'n Openlike verbintenis tot amptelike twee- of drietaligheid bied sekerlik 'n sterker grondslag vir die implementering van die grondwetlike taalmandaat as die huidige verskuilde verbintenis tot amptelike eentaligheid. Selfs ander vorme van amptelike meertaligheid (byvoorbeeld op streeksvlak) sou mettertyd kon volg sou verdere taalskemas ontwikkel word.

Wat hierdie beoordeling blootgelê het, is dat daar 'n belangrike verskuiwing in denke vanaf SALB I plaasgevind het. Waar 'n nasionale taalwet nog in 2003 as 'n belangrike taalbeleidsmeganisme gesien is om amptelike meertaligheid te laat realiseer, het die beleidmaker van 2011 'n veel minder realistiese benadering. Daar word nou in die eerste plek gekonsentreer op die nakoming van die hofbevel teen die nasionale regering in verband met sy verpligte taalreguleringsmandaat. SALB II is dus letterlik 'n poging op papier om verdere regsgedinge rondom die betrokke hofbevel te probeer voorkom. In die tweede plek word die taalwetsontwerp sodanig ingerig dat dit vir die lynfunksiedepartement en enige ander staatsinstelling moontlik sal wees om sonder enige finansiële implikasies te kan aantoon dat die nasionale regering se taalmandaat in beginsel nagekom word. Die denke het dus wesenlik verskuif van 'n meer ambisieuse aanpak tot 'n tegniese korrekte benadering wat, sou dit geïmplementeer word, wel kan lei tot die vestiging van amptelike twee- of drietaligheid. In beginsel is wegbeweeg van die ideaal van 'n nasionale taalwet in 2003 na 'n meer koherente administratiewe taalwettipe of nasionale regeringstaalskema in 2011.

Dit is egter wel van belang dat die meriete van SALB II as 'n soort taalskema verder beoordeel behoort te word. Die ontleding wat in hierdie artikel gemaak is, het die volgende wesenlike leemtes by SALB II as wetlike meganisme blootgelê:

1. 'n Oorwegende geneigdheid tot vae en idealistiese bepalings wat uiteindelik op regeringskantoorvlak moeilik uitvoerbaar is.
2. 'n Oormatige beklemtoning van die rol van die lynfunksieminiester en die kabinet.
3. Oorvlueling met die rol en werksaamhede van Pansat.
4. Die afwesigheid van 'n klinkklare ampstaaldoelstelling.
5. Gebrekkige bepalings met betrekking tot kommunikasie met die publiek.

Die eerste drie probleemareas is algemeen van aard en die laaste twee het betrekking op die lae tellings wat die meting uitgewys het in twee beginselkategorieë: by grondliggende beginsels (onderwerp van die taalwet) en by domeinbepalende beginsels (kommunikasie met die publiek). Regstellings omtrent hierdie vyf punte kan help om groter standvastigheid binne hierdie administratiewe taalwette of taalskema te bewerkstellig en ook om die bestuurbaarheid daarvan te verbeter. Dit sal egter wel meebring dat die skynbare vrees vir voorskriftelikheid onder die nuwe regeringslui oorkom sal moet word. Die stap wat na afloop van die openbare verhoor oor die Oktober 2011-weergawe van SALB II in die eerste kwartaal van 2012 gedoen is om amptelike drietaligheid vir die nasionale regering te oorweeg, sou in hierdie opsig wel as positief beoordeel kon word. Dat die stap egter Afrikaans se posisie as gevestigde ampstaal kan benadeel, is 'n eiesoortige vraagstuk wat indringende verdere bespreking vereis, iets wat nie binne die onmiddellike opgawe van hierdie artikel val nie.

Een van die moontlike gevare van 'n oormatige aandrang op 'n nasionale taalwet as sodanig (in plaas van 'n verskeidenheid taalskemas soos in Wallis) is dat dieselfde mate van verwarring en dubbelsinnigheid as wat by SALB I voorgekom het, na die tafel teruggebring word. Die geleentheid om met 'n minder ambisieuse en dalk meer werkbare wetlike meganisme vorendag te kom, kan daardeur dalk verlore gaan. Vanuit 'n kontekstuele hoek beskou, kan 'n groter mate van taalpolitieke pragmatisme dalk op langer termyn meer winste oplewer. 'n Mens moet in gedagte bly hou dat die nuwe wetgewer nie noodwendig die noodsaak van taalwetgewende ingrepe by die bestuur van 'n ampstaalbestel insien nie. 'n Senior amptenaar van die betrokke lynfunksiedepartement het juis tydens 'n telefoongesprek met my vroeër in 2011 betekenisvol opgemerk dat taalwette nie inherent deel vorm van die taalbestuurskultuur op ons kontinent nie.<sup>6</sup> Meer moeite sal gedoen moet word om hierdie andersoortige benadering tot taalvoorskriftelikheid te verreken. Die basiese eerste stap tot voorskriftelikheid, hoe kontensieus ook al, wat inderdaad nou gedoen is, behoort dus as vertrekpunt te dien vir 'n verdere gesprek oor die werkbaarheid van SALB II en sy latere weergawes as taalskema bedoel vir die nasionale regering.

Uiteraard vorm die voorgestelde en beslis problematiese drietaligheidsvoorskrif deel van 'n verdere gesprek, maar dit moet nie die beraadslaging so oorheers dat die ander grondliggende leemtes wat hier blootgelê is, uit die oog verloor word nie. Deur eerder op laasgenoemde te konsentreer, kan die beraadslagers dalk gehelp word om terug te keer na die aanvanklike ideale met die uitwerk van 'n nuwe taalbedeling vir Suid-Afrika wat teen die einde van 1993

in die vooruitsig gestel is. Hassen Ebrahim vat een van hierdie ideale heel gepas in sy boek *The soul of the nation: Constitution-making in South Africa*, soos volg saam:

The compromise found [in 1993] was to cater for eleven official languages without diminishing the status of Afrikaans. (Ebrahim 1998:168)

## Bibliografie

### Algemene bronne

AfriForum. 2010a. AfriForum tevrede met saak oor nasionale taalbeleid. *AfriForum Mediaverklarings*. <http://www.afriforum.co.za/2010-03-08-afriforum-tevrede-met-saak-oor-nasionale-taalbeleid> (13 September 2011 geraadpleeg).

AfriForum. 2010b. AfriForum verwelkom uitspraak in taalhofsaak as deurbraak. *AfriForum Mediaverklarings*. <http://www.afriforum.co.za/toets> (13 September 2011 geraadpleeg).

ATR (Afrikaanse Taalraad). 2010. ATR-persvrystelling: Uitspraak oor talewet. Taal | Language > Taaldebate | Language Debate > Kennisgewings | Notices. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=84000](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=84000) (15 September 2011 geraadpleeg).

Carstens, W. 2012. Fwd: Uitgebreide gesprek oor Afrikaans: 22 Februarie 2012, e-pos van Wannie.Carstens@nwu.ac.za op 2012/02/11. Potchefstroom: Wannie Carstens.

De Bruin, P. 2011. Wetsontwerp oor taal reg om parlement toe te gaan. <http://www.dieburger.com/Suid-Afrika/Nuus/Wetsontwerp-oor-taal-reg-om-parlement-toe-te-gaan-20110710#> (16 Augustus 2011 geraadpleeg).

Demotix. 2010. Ukrainians rally against Language Law, ID: 464902. *Demotix. EUROPE>Ukraine>Kiev, in Politics*. <http://www.demotix.com/news/464903/ukrainians-rally-against-language-law> (3 November 2011 geraadpleeg).

Du Plessis, T. 2009. Taalwetgewing in Suid-Afrika. *LitNet Akademies*, 6(3):132–54. [http://www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA\\_6\\_3\\_du\\_plessis.pdf](http://www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA_6_3_du_plessis.pdf) (31 Januarie 2012 geraadpleeg).

–. 2010. 'n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 7(2):65–97. [http://www.oulitnet.co.za/akademies\\_geestes/pdf/LA\\_7\\_2\\_duplessis.pdf](http://www.oulitnet.co.za/akademies_geestes/pdf/LA_7_2_duplessis.pdf) (31 Januarie 2012 geraadpleeg).

Du Preez, J. 2011. The Language of Our Choice – Concerns about the 2011 SA Language Bill. FW de Klerk Foundation > Posts. <https://www.givengain.com/cgi->

- [bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&news\\_id=108499&cause\\_id=2137](http://www.litnet.co.za/bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=108499&cause_id=2137) (6 September 2011 geraadpleeg).
- Dunbar, R. 2005. The Gaelic Language (Scotland) Act. *The Edinburgh Law Review*, 9:466–79.
- Ebrahim, H. 1998. *The soul of a nation: Constitution-making in South Africa*. Kaapstad: Oxford University Press.
- GCIS (Government Communication and Information System). 2011. Statement on the Cabinet meeting of 22 June 2011. *Bua News Online*.  
<http://www.buanews.gov.za/rss/11/11062312351002> (18 Augustus 2011 geraadpleeg).
- Herman. 2011. Taalwet bepleit vir Afrikaans. *Koerant.com. Die nuus in Afrikaans*.  
<http://www.koerant.co.za/uncategorized/taalwet-bepleit-vir-afrikaans-5236> (18 Augustus 2011 geraadpleeg)
- Hogan-Brun, G., U. Ozolins, M. Ramonienė en M. Rannut. 2009. *Language politics and practices in the Baltic states*. Tallinn: Tallinn University Press.
- Jones, L. 2011. Wales' first Welsh Language Commissioner appointed. *WalesOnline.co.uk*.  
<http://www.walesonline.co.uk/news/education-news/2011/10/05/wales-first-welsh-language-commissioner-appointed-91466-29545861/#ixzz1a0Znw3wZ> (15 November 2011 geraadpleeg).
- Larrivé, P. (red.). 2003. *Linguistic conflict and language laws. Understanding the Quebec question*. Hampshire, New York: Palgrave Macmillan.
- Larrivé, P. 2003. Anglophones and Allophones in Quebec. In Larrivé (red.) 2003.
- LitNet. 2011. Die nuwe Wetsontwerp op SA Tale. Seminaarkamer / Seminar room.  
[http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_custom&cause\\_id=1270&page=talewet](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_custom&cause_id=1270&page=talewet) (6 September 2011 geraadpleeg).
- . 2012. 'n Nasionale taalwet vir Suid-Afrika: Noodsaaklik vir die behoud van inheemse tale of onrealisties? Projekte en webseminare: <http://www.litnet.co.za/Article/-n-nasionale-taalwet-vir-suid-afrika-noodsaaklik-vir-die-behoud-van-inheemse-tale-of-onrea> (18 Maart 2012 geraadpleeg).
- Lloyd, J. 2011a. Die Taalwet se haalbaarheid. LitNet Rubrieke/Columns.  
[http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=107321&cat\\_id=175](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=107321&cat_id=175) (18 Augustus 2011 geraadpleeg).
- . 2011b. Nuwe wet eerste stap om verengelsing om te keer. *Rapport*, 31 Julie, bl. 8.

Lourens, C. 2008. Kennisgewing van voorneme om 'n *mandamus* teen u as hoof van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie te bring weens u versuim om nasionale wetgewing ingevolge Artikel 6(4) van die Grondwet, Wet 106 van 1996, te laat promulgeer. Brits: Lourens Prokureurs.

—. 2009. Insake: CJA Lourens / President van RSA en Andere. Ons verw: CJA Lourens/ss, 30 November 2009. E-pos korrespondensie. Brits: Lourens Prokureurs.

—. 2010a. Insake: Taalsaak: CJA Lourens / President van die RSA. Ons verw: CJA Lourens/ss. 25 Januarie 2010. E-pos korrespondensie. Brits: Lourens Prokureurs.

—. 2010b. Einde aan willekeurige taalbestel deur die nasionale regering. Menings | Opinion > SeminaarKamer | Seminar Room > Afrikaans > Essays. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=84806](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=84806) (15 September 2011 geraadpleeg)

—. 2011. *Ou en nuwe taalwet konsepte 2003 en 2011*. 12082011.doc. Brits: Lourens Prokureurs.

Lourens Prokureurs. 2011. Taalsaak. *Lourens Prokureurs*. [http://lourensprokureurs.com/index.php?option=com\\_content&view=article&id=2&Itemid=3](http://lourensprokureurs.com/index.php?option=com_content&view=article&id=2&Itemid=3) (8 September 2011 geraadpleeg).

October, A. 2011. Wet voorgelê om staat se taalgebruik te reguleer. *Beeld*, 8 November 2011. <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Wet-voorgele-om-staat-se-taalgebruik-te-reguleer-20111107> (31 Januarie 2012 geraadpleeg).

Pavlenko, A. (red.). 2008. *Multilingualism in Post-Soviet countries*. Bristol: Multilingual Matters.

Phaahla, M. 2006. 2011/2012 Budget vote speech by the Deputy Minister of Arts and Culture, Dr Mj Phaahla, to the National Assembly, 1 June 2011. *Department of Arts and Culture*. <http://www.dac.gov.za/speeches/dminister/2011/1-06-2011.html> (18 Augustus 2011 geraadpleeg).

Sachs, A. 1994. Language rights in the new South African constitution. *English Academy Review*, 11:105–31.

SATI Office. 2012. SAVI Flits 18-2012: Bespreking oor SA Talewet, [savi-flits@googlegroups.com](mailto:savi-flits@googlegroups.com), 2012/02/24. Pretoria: Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) / South African Translators' Institute (SATI).

Singh, A. 2008. Notice of intention to launch mandamus proceedings against Minister of Arts and Culture. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

Skutnabb-Kangas, T., R. Phillipson en M. Rannut (reds.). 1995. *Linguistic human rights: overcoming linguistic discrimination*. Berlin: Mouton de Gruyter.



- Steward, D. 2011. Ideale talewet kort nou praktiese voorstelle. *Maroela Media / Dié Groot Debat*. <http://maroelamedia.co.za/blog/die-groot-debat/ideale-talewet-kort-nou-praktiese-voorstelle/> (6 September 2011 geraadpleeg).
- Sukumane, J. 2011. Latest version of SALB. E-pos korrespondensie. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.
- Turi, J.-G. 1995. Typology of language legislation. In Skutnabb-Kangas e.a. (reds.) 1995.
- Van der Elst, J. 2011. Nuwe talewet: 'n Holderstebolder dokument? LitNet Taaldebat / Language debate. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=108954&cat\\_id=214](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=108954&cat_id=214) (6 September 2011 geraadpleeg).
- Van der Rheede, C. 2011. Veeltaligheid en die weg vorentoe. LitNet Taaldebat / Language debate. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=108922&cat\\_id=214](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=108922&cat_id=214) (6 September 2011 geraadpleeg).
- Webb, V. 2011. Lewegewing aan 'n herrese SA Talewet? LitNet Taaldebat / Language Debate. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=109020&cat\\_id=214](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=109020&cat_id=214) (6 September 2011 geraadpleeg).
- Welsh Language Board. 2011. Welsh Language Measure – what's happening. *The Welsh Language*. <http://www.byig-wlb.org.uk/English/welshlanguage/Pages/MesurIaith.aspx> (15 November 2011 geraadpleeg).
- Williams, C. 2008. *Linguistic minorities in democratic context*. Hampshire: Palgrave MacMillan.
- Staatsdokumente**
- DAC (Department of Arts and Culture). 2002. *National Language Policy Framework*. Final draft. 13 November. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.
- . 2003. *South African Languages Bill*. Revised final draft. 24 April. General notices / Algemene kennisgewings 1514 of 2003. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2010. South African Languages Bill. *Legislation: Bills*. <http://www.dac.gov.za/bills.htm> (20 September 2011 geraadpleeg).
- . 2012. Amendments proposed Use of Official Languages Bill, 2011. Dokument uitgedeel by die vergadering van die Portefeuljekomitee: Kuns en Kultuur, 6 Maart 2012. Pretoria: Department Arts and Culture

Department of Justice, Canada. 1985. Official Languages Act, R.S.C., 1985, c. 31 (4th Supp.). Ottawa: Department of Justice.

Éditeur officiel du Québec. 1977. Charte de la langue française. L.R.Q., chapitre C-11. Quebec City: Éditeur officiel du Québec.

Houses of Oireachtas. 2003. Official Languages Act, No. 32 of 2003. Dublin: Houses of Oireachtas.

Latvijas Republikas Saeima [Parlement van die Letlandse Republiek]. 1999. Valsts valodas likums[Staatstaalwet]. Riga: Latvijas Republikas Saeima.

Ministry of Justice, Finland. 2003. Sámi Language Act (1086/2003). [Nie-amptelike Engelse vertaling.] Helsinki: Ministry of Justice.

New Zealand Government. 1987. Maori Language Act 1987, No. 176. Auckland: New Zealand Government.

—. 2006. New Zealand Sign Language Act 2006. No. 18. Auckland: New Zealand Government.

Parliament of the United Kingdom. 1993. The Welsh Language Act 1993. Chapter 38. Londen: The Crown.

—. 2005. Gaelic Language (Scotland) Act 2005. Londen: The Crown.

PC Arts (Portfolio Committee: Arts and Culture). 2011. South African Languages Bill: Department of Arts and Culture briefing. Meeting Report, 15 Nov 2011, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20111116-department-arts-and-culture-sa-languages-bill-bill-23-2011> (29 Maart 2012 geraadpleeg).

—. 2012a. South African Languages Bill [B23-2011]: public hearings Day 1. Meeting Report, 16 Jan 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120117-south-african-languages-bill-b23-2011-public-hearings-day-1> (9 Februarie 2012 geraadpleeg).

—. 2012b. South African Languages Bill [B23-2011]: public hearings Day 2. Meeting Report, 17 Jan 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120118-public-hearings-south-african-languages-bill-b23-2011> (9 Februarie 2012 geraadpleeg).

—. 2012c. South African Languages Bill: Minister and Department of Arts and Culture Response to Submissions. Meeting Report, 24 Jan 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120125-consideration-south-african-languages-bill-b23-2011> (18 Maart 2012 geraadpleeg).

- . 2012d. SA Languages Bill: briefing by Department of Arts and Culture on amendments. Meeting Report, 31 Jan 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120201-consideration-south-african-languages-bill-b23-2011-second-briefing-d> (21 Februarie 2012 geraadpleeg).
- . 2012e. South African Languages Bill [B23-2011]: deliberations. Meeting Report, 14 Feb 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120215-consideration-south-african-languages-bill-b23-2011> (18 Maart 2012 geraadpleeg).
- . 2012f. South African Languages Bill: deliberations on proposed amendments. Meeting Report, 28 Feb 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120228-consideration-and-adoption-eastern-cape-and-western-cape-oversight-re> (18 Maart 2012 geraadpleeg).
- . 2012g. Use of Official Languages Bill (SA Languages Bill): debate reopened on Clause 4. Meeting Report, 6 Mar 2012, Parliamentary Monitoring Group. <http://www.pmg.org.za/report/20120307-consideration-and-adoption-draft-amendments-list-list-south-african-l> (18 Maart 2012 geraadpleeg).
- Republic of India. 1963. The Official Languages Act (Act No. 19 of 1963). New Delhi: Government of the Republic of India.
- Republic of Ireland. 2003. Official Languages Act, 2003. Number 32 of 2003. Dublin: Republic of Ireland.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1944. Landdroshowewet, Wet 32 van 1944. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 1996a. Constitution of the Republic of South Africa. Act 108 of 1996 . Pretoria: Staatsdrukker.
- . 1996b. Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2011a. South African Languages Bill. <http://196.22.136.92/redblock/satalewet/wp-content/uploads/2011/07/NATIONAL-LANGUAGE-BILL.pdf> (16 Augustus 2011 geraadpleeg).
- . 2011b. South African Languages Bill. *Government Gazette/Staatskoerant*, No./Nr. 34675, 12 October/Oktober 2011 . Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2012a. South African Languages Bill. Dokument uitgedeel by 'n vergadering van die Portefeuljekomitee: Kuns en Kultuur, 14 Februarie 2012. Pretoria: Minister of Arts and Culture.
- . 2012b. Use of Official Languages Bill. Dokument uitgedeel by 'n vergadering van die Portefeuljekomitee: Kuns en Kultuur, 6 Maart 2012. Pretoria: Minister of Arts and Culture.

RT (Riigi Teataja). 1995. Keeleseadus [Taalwet]. Passed 21 February 1995. Entered into force 1 April 1995. RT I 1995, 23, 334. Tallinn: Riigi Teataja [Staatskoerant].

Vidomosti Verkhovnoyi Rady Ukrayiny (VVR). 1989. Law of the Ukrainian Soviet Socialist Republic "On Languages in the Ukrainian Soviet Socialist Republic", 1989, issue 45, page 631. Changed and amended according to Law of Ukraine #75/95-VR of 28 February 1995, VVR 1995, issue 13, page 85. [Nie-amptelike Engelse vertaling.] Kyiv: Vidomosti Verkhovnoyi Rady Ukrayiny.

Welsh Assembly Government. 2007. Welsh Language Scheme. Cardiff: Welsh Assembly Government.

### Regsdokumente

Cornelus Johannes Alexander Lourens versus The President of the Republic of South Africa and Others. 2009a. CCT 26/09, 26 September, Die Grondwethof, Republiek van Suid-Afrika.

—. 2009b. Beëdigde Verklaring, 49807/09, 14 Augustus, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

—. 2010a. First to Fourth Respondents Answering Affidavit, 49807/09, 4 Februarie 2010, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

—. 2010b. Repliek, 46807/09, 11 Februarie 2010, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

—. 2010c. Hoofde van Betoog, 49807/09, 18 Februarie 2010, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

—. 2010d. Respondents' Heads of Argument, 49807/09, 24 Februarie 2010, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

—. 2010e. Aanvullende verbeterde hoofde namens applikant, 49807/09, 4 Maart 2010, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

—. 2010f. Uitspraak, 49807/2009, 8 Maart 2010, Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, RSA.

The Constitutional Court of South Africa. 2009. Cases dismissed 2009 for the week ending on 18 December 2009. Johannesburg: Die Grondwethof van Suid-Afrika.

**Eindnotas**

<sup>1</sup> Die betrokke skakel blyk intussen gedeaktiveer te wees.

<sup>2</sup> Die relevante skakel, “South African Languages Bill”, op die Departement Kuns en Kultuur se webwerf, Legislation: Bills (DAC 2010) het tot op 27 Oktober 2011 die besoeker by ’n ander wetsontwerp, die South African Community Library and Information Services Act, 2010, uitgebring.

<sup>3</sup> ’n Eerste weergawe het in 1969 verskyn.

<sup>4</sup> Tans word nuwe wetgewing wel oorweeg wat Russies herverampelik in die Oekraïne en wat amptelike tweetaligheid wil vestig. Daar is heelwat opposisie teen die taalwetsontwerp, soos blyk uit beriggewing hieromtrent (Demotix 2010).

<sup>5</sup> ’n Walliese taalkommissaris is ondertussen bykomend aangestel (Jones 2011). Volgens die Walliese taalraad se webwerf volg hierdie stap ingevolge ’n voorsiening in die sogenaamde Welsh Language Measure wat gedurende 2011 aanvaar is (Welsh Language Board 2011).

<sup>6</sup> Die persoon se identiteit word verswyg omdat die opmerking in vertroulike omstandighede gemaak is.